

KOMMISSIE HERVAT OP 28 MAART 1990.

MR BERTELSMANN: Mag dit u behaag mnr. die Voorsitter. Mr Chairman I appear, I want to place myself formally on record together with my learned friend, Mr Luitingh for the Lubowski family. I understand there will be other matters at a later stage. As far as today's proceedings are concerned my learned junior will act because I was not present when the present witness testified in chief, as it pleases your worship.

ABRAM VAN ZYL, nog steeds onder eed: (10)

MR McNALLY: Mr Chairman before the cross-examination commences I would like to hand in as EXHIBIT C11 a statement of Edward Charles Gordon which may be relevant to the cross-examination of this witness.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Mnr. Van Zyl u het aan die voorsitter gesê dat u openhartig wil wees met die kommissie en getuienis ten opsigte van u kennis heeltemal ont-bloot. Is dit korrek? -- Dit is heeltemal korrek.

En ek wil net seker maak dat ons mekaar verstaan ten opsigte van wat dit moontlik behels. Dit sou in die (20) eerste plek u eie betrokkenheid geheel en al, wat ten minste die BSB betref openbaar. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Daarbenewens beteken dit seker dat u alles wat u weet oor hoe die BSB werk ook sal openbaar? -- Ja, tot 'n mate. Ek meen dit is, ek kan nie op hierdie stadium dink dat ek enigiets weerhou het nie, maar ek glo dat u sal simpatie met my geval hê dat as 'n mens alles moet openbaar wat ek aanvaar het die laaste 18 maande gaan ek dalk 'n boek skryf so groot soos hierdie kamer.

Ons sal miskien die boek lees, maar in elk geval (30)

...(tussenbei)/...

VOORSITTER: Maar in elk geval mnr. Luitingh, ek is nie besig om die BSB per se te ondersoek nie.

MNR. LUITINGH: Soos die hof behaag. Soos byvoorbeeld het u gehoor van 'n plek met die naam van Die Skuur? -- Dit is korrek.

Weet u waar Die Skuur is? -- Ek het 'n goeie idee waar dit is, ja.

Waar is die skuur? -- Dit is so ongeveer 40 kilometer buitekant Pretoria. Dit is die plek waarna ek verwys het(10) in my verklaring. Ek het egter nie die benaming Die Skuur gebruik nie, vir geen spesifieke rede nie, ek het dit nie so nodig gesien nie.

Waar buite Pretoria is dit?

VOORSITTER: Mnr. Luitingh is die posisie van Die Skuur relevant vir die doeleindes van die ondersoek?

MNR. LUITINGH: Ja, ek sou so sê.

VOORSITTER: Wel dan moet u vir my sê hoekom dit relevant is.

MNR. LUITINGH: Want daar mag dalk dokumente daar wees.

VOORSITTER: Wel dan kan u dit vir die beamptes van die (20) kommissie sê, maar ek kan nie toelaat dat dinge wat primêr onder die Wet op Beveiliging van Inligting val, geopenbaar word nie, openbaar nie. As u die inligting in camera wil vra, kan u dit in camera vra, maar ek kan nie sien dat die vraag betrekking het op u kliënte op hierdie stadium nie.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter daar is onder andere 'n bewering gemaak dat daar 'n motorbom byvoorbeeld altyd by Die Skuur gehou word, daarom ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wat daarvan?

MNR. LUITINGH: Dink ek dat, is dit, kan hierdie getuie (30) miskien/...

K28.0202

- 701 -

VAN ZYL

miskien dit bevestig of dit ontken. Dit kan ook betrekking hê op die tipe aktiwiteite wat onder andere deur die organisasie waaraan hy behoort het lig werp.

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, laat ons realisties wees. Ek stel belang in geïdentifiseerde gevalle en as u my 'n geval kan identifiseer wat spesifiek daar plaasgevind het en waarom dit relevant is om presies te weet waar dit is, moet u dit vir my sê, maar soos ek dit vir u gesê het ek ondersoek nie BSB per se nie.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, alhoewel u dit nie (10) ondersoek per se nie, dink ek met respek tensy u my teenstaan in dié opsig dat die aktiwiteite van die BSB is uit die aard van die saak relevant al gaan dit oor spesifieke gevalle of indien al gaan dit oor hulle algemene optrede en as u vir my sê dat ek nie vrae mag vra oor die algemene optrede as dit nie gekoppel is aan 'n spesifieke insident nie, dan aanvaar ek dit so.

VOORSITTER: Ek moet verslag doen na voorkoms van moord en na ander onregmatige dade van geweld in die Republiek van Suid-Afrika.

(20)

MNR. LUITINGH: Ja en alles wat daarmee saamhang.

VOORSITTER: Wat bedoel u wat alles saamhang?

MNR. LUITINGH: Wel dit is wat in die derde, ek het nie nou die artikel, maar ek kan dit vir u voorlees indien u dit wil hê, alle relevante aspekte daartoe.

VOORSITTER: Wat na my oordeel verband hou.

MNR. LUITINGH: Ja, is u van oordeel dat die algemene optrede van die BSB is nie relevant nie mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Wel ek weet op die oomblik dat die BSB buitelands aktief is of was. Daardie bedrywighede val nie binne die(30) omvang/...

K28.0258

- 702 -

VAN ZYL

omvang van my opdrag nie. Ek weet dat die BSB skynbaar binnelands inligting ingesamel het. Dit val nie binne die omvang van my opdrag nie. So alles oor die BSB val nie binne my opdrag nie.

MNR. LUITINGH: Dit is korrek, maar Die Skuur, met respek, en die vrae wat ek vra gaan oor die feit of daar byvoorbeeld 'n bom

beskikbaar gestel is wat binne die land is, wat naby Pretoria is.

VOORSITTER: Goed, nou vra die vraag, maar ons weet nou dit is 40 kilometer buite Pretoria, maar die spesifieke plek sal (10) ons self uitvind as ons dit moet uitvind.

MNR. LUITINGH: Wat het byvoorbeeld by Die Skuur, watse akti-witeit, wat het by Die Skuur, u het daar lesings ontvang is dit korrek? -- Dit is korrek.

En het u toe daar opleiding ontvang? -- Ek het, ja, 'n kursus daar deurloop.

Wat het die kursus behels? -- Soos ek in my verklaring uiteengesit het, basies die struktuur van die BSB en wat ons werksaamhede sal behels.

Was daar fisiese opleiding gewees? -- Geen. (20)

Verder sal die openhartigheid dan ook seker behels dat u van alle persone wat u weet wat betrokke is by dié organisa-sie, dat u bereid sal wees om hulle te identifiseer? -- Dit is korrek.

Nou toe u in aanhouding was onder artikel 29, ongeveer die tyd van die dringende aansoek wat gebring is, het u 'n persverklaring gemaak of is 'n persverklaring namens u gemaak.

Is dit korrek? -- Dit mag so wees, ja.

Het u opdrag gegee dat daardie persverklaring gemaak word? -- Geen. (30)

U/...

K28.0320

- 703 -

VAN ZYL

U het nie opdrag gegee nie? -- Nee.

En daardie persverklaring verwys na bewerings wat u sou gemaak het, onthou u dit? -- Nee, u sal vir my moet sê wat die spesifieke persverklaring behels. Ek het nie eers tydens my aanhouding met my regsverteenvoerders gekonsulteer nie, afgesien van die een spesifieke Sondag toe mnr. Du Toit my kom besoek het, maar die saak, my saak, my omstandighede as sulks was glad nie bespreek gewees nie.

So die persverklaring, het u nie versoek dat 'n persver-klaring gemaak word nie? -- Nee.

(10)

Het u nie aan u familielede opdrag gegee dat 'n persver-klaring gemaak word nie? -- Nee.

Want daar staan onder andere die volgende in die persver-klaring:

"Mnr. van Zyl beweer dat sy arrestasie voortspruit uit die aanstelling van die Harms-kommissie."

-- Nee, dit is nie iets wat ek gesê het nie.

Weet u waar die oorsprong van daardie persverklaring is? -- Nee, ek weet nie eers in wat se koerant dit geplaas was nie.

(20)

Het u dit ooit opgeneem? -- Nee.

Is u bewus daarvan? -- Nee, ek is glad nie eers bewus daarvan nie.

Hoekom toe ek u netnou gevra het was u bewus van 'n pers-verklaring het u gesê dit mag so wees? -- Omrede ek vir my advokaat op die aand van my arrestasie gesê het dat daar 'n persverklaring gemaak moet word dat ek 'n lid was van die BSB en nie van 'n verregse organisasie nie, soos wat aanvanklik beweer was in vorige persberigte met die arrestasies van mnr. Botha en mnr. Barnard nie.

(30)

So/...

K28.0370

- 704 -

VAN ZYL

So u het opdrag gegee dat daar 'n persverklaring gemaak moet word? -- Ten opsigte van dit, ja.

Wel, hoekom het u dit nie genoem toe ek u gevra het nie? -- Dit hou nie verband met u vraag nie.

Maar ek het nie spesifiek gevra watter persverklaring nie, ek het gesê het u opdrag gegee vir 'n persverklaring en toe sê u nee. -- Nou u het nou my antwoord, nou verstaan u my vraag.

So, ek het 'n opdrag gegee dat daar in daardie lig 'n persverklaring gemaak moet word. Die sin wat u daar aanhaal dra ek nie van kennis nie, ek het dit nog nooit eers (10) gelees nie. Ek weet nie wie het gesê daardie verklaring moet gemaak word nie.

Wat ek van u wil weet is, ek het u oorspronklik gevra het u 'n persverklaring gemaak toe sê u dit mag so wees. U het daarna dit ontken en nou erken u dit. Nou wil ek weet hoekom vassileer so daaroor? -- Ek het dit ontken, die feit dat ek daardie spesifieke verklaring gemaak het. Ek het nie ontken nie. Ek het gesê dit mag wees dat ek 'n verklaring gemaak het.

Maar ek het nie aan u 'n spesifieke verklaring gegee (20) nie. Ek het net 'n sin uit een gelees.

VOORSITTER: Maar ek dink die getuie het vir u gevra, kan u vir hom sê watter persverklaring u van praat? Nou kan ons, ek dink die getuie is geregtig om die persverklaring, ek dink ek is ook daarop geregtig... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: Daar is net een aspek wat ek graag met hom sou wou opneem asseblief mnr. die Voorsitter, voordat ek dit aan hom - so u het opdrag gegee aan u advokaat dat 'n persverklaring gemaak moet word dat dit nie 'n verregse organisasie is waarby u betrokke is nie? -- Dit is heeltemal korrek. (30)

Nou/...

K28.0413

- 705 -

VAN ZYL

Nou wat was u ander opdragte gewees aan u advokaat, aan watter advokaat was dit?-- Advokaat Willie Vermeulen en ek dink dit was basies dit.

Naamlik, die opdragte was dat hy 'n persverklaring moes laat uitreik wat sê dat u was lid van die BSB gewees en nie van 'n verregse organisasie nie? -- Dit is heeltemal korrek.

Het u vir hom vertel wat die BSB was? -- Ons het vlugtig gekonsulteer vir omtrent 20 minute, ja.

Sou dit deel van die persverklaring uitmaak wat die BSB sou gewees het? -- Nie die werksaamhede as sulks nie, maar(10) dat die BSB 'n organisasie was verbonde aan die Suid-Afrikaanse Weermag, ja.

Het u vir hom gesê in watter pers die verklaring gemaak moet word? -- Nee.

Het u ooit navraag daaromtrent gedoen?-- Nee.

Hoekom nie? -- Omrede mnr. Vermeulen na my vrylating het ek verneem dat hy nie meer by my regsplan betrokke was nie en ek glo u sal saam met my stem dat die tyd het dit hom nog nie daartoe geveerg of hom daartoe verleen dat ek met mnr. Vermeulen kon geskakel het nie. (20)

Wat het van daardie opdrag geword? -- Die opdrag was na wat ek verstaan, wel nagekom deur mnr. Vermeulen.

En het u dit sedertdien nagegaan? -- Ek het sekere koerantberigte gesien. Ek kan nie vir u sê watter koerantberigte was gemaak na aanleiding van of was gemaak deur mnr. Vermeulen nie of watter was gemaak deur my prokureurs of watter was gemaak deur my huidige advokaat of watter was gemaak deur my vrou nie.

So daar was persverklarings met ander woorde wat namens u gemaak is, maar miskien nie in opdrag van u nie, is dit (30)

wat/...

K28.0480

- 706 -

VAN ZYL

wat u sê? -- Dit is so.

VOORSITTER: Wat is die datum?

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, ek het 'n persverklaring wat ek graag sal aan u wou uitlees, ek sal sorg dat afskrifte gemaak word. Ek het nie (tussenbei)

VOORSITTER: Wat is die datum daarvan?

MNR. LUITINGH: Ek sal die datum ook aan u verstrek. Dit is ongeveer Februarie hierdie jaar, maar ek sal dit op 'n later, ek wil net 'n persverklaring aan u lees en vra of u dit kan onthou

of u dit enigsins met enigiemand bespreek het òf (10) dit in u opdrag gegee is, dit lees as volg:

VOORSITTER: Ons merk dit solank C12.

MNR. LUITINGH: Soos die hof behaag.

"Mnr. Abram van Zyl, 'n voormalige luitenant van Brixton moord en roofeenheid en tans 'n besigheidsman van Johannesburg is gisteraand gearresteer deur die speurders van Brixton moord en roofeenheid onder leiding van brigadier Mostert." So dit moes, hierdie persverklaring moes by u arrestasie uitgereik gewees het. (20)

"Mnr. van Zyl word onder artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou. Die bewering teen mnr. Van Zyl is dat hy 'n sabotasie poging in Kaapstad, dat hy by 'n sabotasie poging in Kaapstad betrokke was en 'n lid was van 'n onwettige organisasie met gewelddadige doel-stellings." Onthou u hierdie verklaring? -- Ek het persoonlik nie die ver-klaring gemaak nie.

Laat ek voortgaan asseblief mnr. Van Zyl:

"Mnr. van Zyl ontken enige betrokkenheid by die (30) betrokke/...

K28.0533

- 707 -

VAN ZYL

betrokke voorval en ook dat hy by enige onwettige organisasie betrokke is. Mnr. van Zyl is 'n lid van die nasionale party en ondersteun die hervormingsprogram van die regering en die Staatspresident se aankondiging vol-ledig."

-- Ek het nie daardie woorde geuiter nie.

Nee, maar kan u hierdie persverklaring onthou? -- Nee-nee, ek het nie (tussenbei)

Kan u onthou dat u dit ooit gelees het? -- Nee-nee, ek het dit nooit gelees nie. (10)

"Mnr. van Zyl beweer dat sy arrestasie voortspruit uit die aanstelling van die Harms-kommissie van ondersoek na

sogenaamde moordbendes."

Kan u dit onthou?-- Nee.

"En wat daarop gemik is om die aandag van die Suid-Afrikaanse Polisie by onwettige optredes af te lei."

Kan u nie hierdie persverklaring onthou nie? -- Nee.

VOORSITTER: Daar word nou nie verwys na lidmaatskap van BSB nie.

Is dit korrek?

MNR. LUITINGH: Nee, dit is korrek. U het nog nooit (20) hierdie persverklaring gesien nie? -- Nee.

Goed, ek sal dié persverklaring mettertyd ophandig. Nou mnr. Van Zyl, kan u vir ons sê, u sê in u beëdigde verklaring, in die tweede paragraaf dat u die dagvaarding ontvang het en u sê dit is na aanleiding van daardie dagvaarding wat ek hier verskyn en na aanleiding waarvan ek hierdie verklaring aflê. Dit is nou die tweede paragraaf. -- Dit is korrek.

Wanneer het u besluit om voor die kommissie te getuig? -- Wel, ek het nie 'n keuse gehad nie. Ek was vrygelaat gewees.

MNR. DU TOIT: Ek dink mnr. die Voorsitter, die getuie sê (30) duidelik/...

K28.0590

- 708 -

VAN ZYL

duidelik dat hy 'n dagvaarding van die kommissie ontvang het, dit sou skaars sy eie besluit gewees het.

VOORSITTER: Wel ek dink, u moet aanvaar dat die dag waarop hy vrygelaat is het hy 'n dagvaarding gekry.

MNR. LUITINGH: Kan ek die vraag dan so stel, indien u nie 'n dagvaarding ontvang het nie, sou u ooit voor die kommissie getuig het?

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, ek dink dit is so hipoteties dat ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dink hy was dan miskien nog onder artikel (10) aangehou.

MNR. LUITINGH: Ek wil graag sy motivering probeer vasstel, maar

miskien stel ek my swak, spreek ek my swak uit. Indien

... (tussenbei)

VOORSITTER: Die vraag wat die advokaat wil weet, is u hier, wat is u motivering dat u getuig, kom ons stel dit eenvoudig?

-- Dit is 'n moeilike vraag. Daar is verskeie faktore wat daartoe aanleiding gegee het. Ek kan dit moontlik stel dat ek nie veel van 'n ander keuse gehad het nie en dat ek dit na oorlegpleging met my regsman dit goedgevind het om wel (20) openhartig te wees met hierdie kommissie.

MNR. LUITINGH: Is dit omdat u die sogenaamde hervormings-proses ondersteun? -- Dit sal ook 'n rol speel, ja.

Maar is u antwoord eintlik dat as gevolg van omstandighede wat u geforseer het om met mense oor die aangeleentheid te praat het u besluit dan om voor die kommissie heeltemal openhartig te getuig? -- Dit is korrek.

Het u ooit in hierdie beëdigde verklaring of andersins probeer om u rol te minimiseer? -- Nee.

Het u ooit met mense gepraat en vir hulle gevra om (30)
sekere/...

K28.0656

- 709 -

van zyl

sekere aspekte aan die kommissie nie te openbaar nie?-- Nee.

Het u self, is daar kennis wat u het wat u nie openbaar het nie? -- Geen, wel laat ek dit vir u so stel, as ek nou praat van hier is moontlik name van persone nie in die verklaring genoem nie, maar dit was bloot 'n naam wat ek gedurende my tyd by BSB ontvang het en wat daar vir my gesê was verkry besonderhede van die persoon of gaan die betrokke besonderhede na van die persoon en ek het dit nie gemeld nie om rede ek met respek nie gevoel het dat dit nodig is om daar-die name in die verklaring te vermeld nie.
(10)

Ja, so u was 'n afskrif gegee van mnr. Gordon se beëdigde verklaring? -- Nee-nee.

Het u mnr. Gordon se verklaring nagegaan? -- Ek het hom nog nooit gesien nie.

Het u regspraak dit nie met u deurgegaan nie?-- Nee.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, miskien moet ek dit net op rekord plaas dat die verklaring my bereik het, die getuie was onder kruisondervraging en ek het uit die aard van die saak niks van hierdie met hom bespreek nie. Hy het ook nie die verklaring van my ontvang nie of ooit gesien nie wat my (20) betref.

MNR. LUITINGH: Die rede hoekom ek u dit gevra het is omdat daar verskeie name genoem is wat u nie genoem het nie, maar ons sal mettertyd deur daardie verklaring gaan en dan kan ons u vra of daar van daardie name is wat relevant is, maar ons sal dit op 'n latere geleentheid doen. -- U is welkom.

Waar was u onder die artikel 29 aangehou? -- By Secunda.

Is dit korrek dat u daar onder andere met mnr. Hardin aangehou is? -- Dit is heeltemal korrek.

Het u gedurende daardie tyd, het u vir hom gesien? --(30)

Dit/...

K28.0725

- 710 -

VAN ZYL

Dit is heeltemal korrek.

U was ondervra op daardie geleentheid deur onder andere, is dit luitenant-kolonel Eager, is dit sy rang? -- Ja, dit is sy rang. Hy was nie eintlik my ondervraer nie, luitenant-kolonel Van Coller het my ondervra.

Was luitenant-kolonel Eager by gewees op geleentheid? -- Dit is korrek.

U was die geleentheid gegun om daar met mnr. Hardin te praat? -- Dit is heeltemal reg.

Het u ooit neergeskryf wat hy vir u gesê het? -- Wat (10) mnr. Hardin vir my ... (tussenbei)

Mnr. Hardin? -- Nee.

Julle het uit die aard van die saak julle betrokkenheid in

die Kaap het julle bespreek? -- Dit is korrek.

U sien, want mnr. Hardin sal getuig dat u gevra het dat daar sekere goed nie aan die kommissie openbaar moet word nie? -- Dit is nie so nie.

Het u ooit aangebied om 'n advokaat vir mnr. Hardin aan te stel of 'n regsman tot sy beskikking te maak? --Laat ek die vraag so antwoord. Ek glo dat beide myself en mnr. (20) Hardin was daar in 'n situasie wat ek glo nie een van ons twee mee welvertroude was nie, dit is nou te Secunda. Ek het respek vir mnr. Hardin en in daardie lig het ek vir hom, aan hom genoem dat ek sal alles in my vermoë doen om vir hom en vir my te beskerm.

Ek het aan hom genoem dat ek dit wel sal bespreek dat ons vir hom regsvertegenwoordiging sal moet kry, maar alles vir 'n bona fide rede.

U sien, hy sal onder andere getuig dat u weergawe met betrekking tot die Athlone-bom soos u dit in die beëdigde verklaring uiteengesit het nie korrek is nie, meer (30) spesifiek/...

K28.0792

- 711 -

VAN ZYL

spesifiek met betrekking tot òf daar mense in die saal was aldan nie, toe u die bom laat ontplof het. -- Hy is welkom om met my te verskil daaroor. Dit wat ek hier gesê het is be-slis korrek.

Ek was in bevel van daardie operasie.

Hy sal sê dat u was bewus daar was mense in die saal gewees en dat u doel was om daardie mense te beseer en of dood te maak? -- Nee, dit is beslis nie so nie. Mnr. Hardin het nog, nadat die mense die saal verlaat het, die persone aan my uitgewys by name, so ek kan nie sien hoekom hy so 'n stelling moet maak of kan maak nie. (10)

Goed, ons sal later weer daarnatoe terugkom. Met betrekking tot u motivering om hier voor die kommissie te getuig of laat ek dit so aan u stel: U het op 'n stadium by die BSB bedank.

Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Waarom het u bedank? -- Ek het bedank weens die verandering van die politieke klimaat. Ek het bedank na oorleg-pleging of nadat ek dit met my vrou bespreek het. Ek het bedank vir redes, dit is nou dan persoonlike redes wat my huislewe betref, asook my besigheid.

Ja en wat het u, as u sê dat u het bedank om politieke (20) redes, wat het u gedink van die voortsetting van die BSB? -- Ek het persoonlik gedink dat die BSB in die toekoms as gevolg van die politieke verandering slegs buiteland sal opereer. Ek het gevoel dat die bestaan van die BSB, met respek, nodig is vir die voortbestaan van hierdie land van ons.

Hoekom sê u dat u gedink het hulle gaan slegs buiteland optree? -- Ek was van mening dat nadat President De Klerk, mnr. De Klerk, president geword het en die politiek so verander het dat binnelandse optredes nie meer goedgekeur (30) sal/... K28.0892 - 712 - VAN ZYL sal word nie.

Met ander woorde, was u onder die indruk dat die aktiwiteite van die BSB aan miskien lede van die kabinet of aan die president openbaar word of aan die minister en dat hulle na aanleiding van 'n nuwe beleid die aktiwiteite van die BSB sou stop? -- Ek kan nie vir u, as ek die vraag vir u moet antwoord ja, gaan ek bloot spekuleer daaroor. Ek het nooit enige minister hoegenaamd ontmoet nie. Ek sal moet spekuleer as ek daardie vraag wil antwoord.

Maar u sien u gebruik dit as 'n beweegrede om aan te (10) voer dat dit een van die redes was hoekom u daar sou weggegaan het. Is dit bloot op spekulasie? -- Ja, omrede ek nie my stelling op feite sal kan baseer nie, sal ek sê dit is bloot spekulasie.

Is dit nie miskien dat dit inderdaad geen, dat dit nie deel

van jou beweegrede was nie, dat politiek het niks daarmee te doen gehad nie? -- Nee-nee, dit was beslis.

Het u gedink dat, kan ek dit so aan u stel: Wie het u gedink sal die BSB tot niet maak of ten minste die interne aktiwiteite van die BSB tot niet maak? (20)

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, asseblief, kan ons by feite bly?

MNR. LUITINGH: Mag ek nie daardie vraag vra nie?

VOORSITTER: Ek vra u om by feite te bly, maar u het die vraag klaar gevra, so antwoord maar.-- Ek sou sê dit was die plig van mnr. - van die besturende direkteur om dan aan ons oor te dra dat die binnelandse streek hom op die buiteland sal vestig of toespits.

MNR. LUITINGH: Wat die politieke toekoms betref, het u dit, was daar nie onmin tussen u gewees en mnr. Staal Burger toe u van die BSB onttrek het nie? -- Nee, ek sal nie sê daar (30)

was/...

K28.0981

- 713 -

VAN ZYL

was onmin nie. Ons het persoonlikheidsverskille, maar dit was beslis nie van so 'n aard dat dit onoorbrugbaar was nie.

Het hy u nie daarvan beskuldig dat u die BSB gebruik het om u eie besigheid op die been te bring en dat, noudat u eie besigheid besig is om te floreer dat u nou die BSB in die steek wil laat nie? -- Dit is korrek.

Sou u nie dit as onmin beskou nie? -- Nee, ek dink ek is volwasse genoeg om daardie argumente te hanteer.

Ja en hoe het u dit hanteer? -- Ek het dit, my kant van die saak motiveer en ek weet ek is reg as ek sê dat ek (10) nooit die BSB misbruik het nie.

Het u met hom die politieke of die toekoms van die BSB bespreek en gesê maar hierdie organisasie het nie 'n toekoms nie as gevolg van die nuwe beleid? --Nee-nee, ek het soos wat ek vir u vantevore geantwoord het, het ek nog altyd gesien dat die BSB 'n toekoms het.

Maar binnelands? -- Wel, binnelands, nee, ek het nie so-seer die toekoms van streek 6 binnelands met hom bespreek nie. Ek het wel die dag van my bedanking dit aan hom genoem dat weens die verandering in politieke klimaat dit moeilik is (20) om, dit in die toekoms moeilik gaan wees om vyande te identi-fiseer. Ek het aan hom gestel of aan hom gevra egter of hy aan my kan sê wie gaan die toekomstige vyande wees. Dit is in sover ek die toekoms van die BSB bespreek het.

En wat was sy antwoord? -- Ek staan onder korreksie, maar dit het basies daarop neergekom dat die vyande van die BSB soos wat dit omskryf word, moontlik aangepas kan word, maar die kern van die saak is, dit is die persone wat die veiligheids van die land in gevaar stel en daar sal altyd sulke persone wees en gevolglik sal daar altyd 'n voortbestaan (30)

vir/...

K28.1058

- 714 -

VAN ZYL

vir die BSB wees.

VOORSITTER: Maar vervul die BSB in daardie opsig dan nie net die funksie van die Veiligheidspolisie nie? -- Mnr. die Voor-sitter, ja, ek glo dat daar is 'n groot oorvleueling wat funksies betref tussen die verskeie veiligheidsmagte.

MNR. LUITINGH: As ek u net korrek kan verstaan asseblief, een van die redes wat gelei het tot u bedanking by die BSB is omdat u gedink het dat die toekoms van die werk wat u gehad het in die binneland was nie verseker nie omdat die funksie miskien gaan verval. Is dit korrek? -- Dit is korrek. (10)

En u het dit derhalwe nou met mnr. Burger opgeneem en gesê maar daar bestaan 'n moontlikheid dat indien die beleid wat nou aangevoer word, voortgaan dat ons nie werk gaan hê nie en daarom wil ek na my toekoms kyk, dit is een van die redes?

-- Een van die redes, dit is korrek.

En toe gee hy vir u hierdie antwoord wat u nou aan ons verstrek

het. Met ander woorde dat die vyande van Suid-Afrika moontlik andersins omskryf kon word. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Het u nie dit as 'n redelike vae antwoord beskou nie?(20)
-- Ja, ek moet vir u sê ek het nie daarmee saamgestem nie. Ek het 'n spesifieke geval uitgelig aan mnr. Burger.

Ja, wat was daardie geval? -- Dit was 'n geval van, die apie-geval by mnr. Desmond Tutu se huis, was nadat die apie daar gelaat was en na die, gedurende September of vroeg Oktober het President de Klerk samesprekinge met mnr. Tutu gehad en ek het dié betrokke geval aan die streekbestuurder uitgewys en ek het aan hom gesê dat ek voorsien probleme. Hoe kan ek in die veranderde politieke klimaat vandag vir mnr. Tutu gaan besoek onder sulke omstandighede. (30)

Wel/...

K28.1137

- 715 -

VAN ZYL

Wel dit was nie 'n besoek nie, dit was die ophang van 'n fetus in 'n boom by sy ...? -- Sy perseel besoek en die volgende dag voer mnr. Tutu samesprekings met die Staats-president. Ek het gevoel dat daar was 'n, die een hand het nie geweet wat die ander hand doen nie, met respek.

So u, ek lei af dat u 'n redelike gedetailleerde bespreking met hom gehad het oor die aangeleentheid, want uit die aard van die saak het dit gegaan oor 'n bedanking wat hy nie baie gelukkig oor was nie, neem ek aan? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Kan ek net by u dit vra: Wanneer het u u (10)
bedanking ingedien? -- Mnr. die Voorsitter, ek het, die presiese datum kan ek nie onthou nie. Ek reken dit was in die omgewing van tussen 15 en 20 Oktober 1989.

Met effek, wat was die effektiewe datum? -- Met onmiddellike effek. Ek het nooit weer van die BSB gehoor nie tot en met 30 November wat ek versoek was om 'n skriftelike bedanking vir hulle te gee, wat ek gegee het, wat ek gedoen het.

MNR. LUITINGH: Ten opsigte van die geval wat u genoem het, wil ek net graag weet indien dan 'n persoon gesien word deur met die regering te onderhandel en met hulle te praat oor (20) politieke aspekte, dan was dit volgens u onduidelik of hulle as 'n vyand geïdentifiseer kon word? -- Dit was my persoonlike mening, ja.

En dit was u mening gewees toe u nog 'n lid van die BSB was ook? -- Ja.

Met ander woorde indien 'n teiken vasgestel is wat volgens u in 'n legitieme manier met die regering of met die regeringsinstansies onderhandel het dan sou u 'n vraagteken geplaas het oor die vasstelling van daardie teiken? -- Nie noodwendig nie. Ek dink mnr. Tutu se geval is 'n (30)

besondere/...

K28.1224

- 716 -

VAN ZYL

besondere geval.

Hoekom sou u dit sê? -- Om rede hy so 'n groot "figuur" is.

Met ander woorde, wil u sê dat dit gaan nie noodwendig oor die legitimititeit van sy onderhandelings met die regering nie, maar dit gaan of daar groot aandag getrek gaan word as gevolg van sy eliminering byvoorbeeld? -- Dit is moontlik fakore wat 'n rol speel, ja.

Het u die indruk gekry of daardie aangeleentheid, toe u dit nou met mnr. Burger bespreek het dat hy in hierdie (10) opsig met u verskil het? -- Dit is korrek.

Een van die besware was uit die aard van die saak gewees as gevolg van wat u nou gesê het soos ek dit verstaan en help my asseblief as ek verkeerd is, is dat die teikens is nie meer duidelik nie? -- Die toekomstige teikens?

Ja. -- Dit is korrek.

Ja en hy het nie met u daarvoor saamgestem nie. Sy houding was basies die teikens wat in die verlede Suid-Afrika wou ontwrig het sou in die toekoms ook daarvoor verantwoordelik wees en al

kan daar 'n verskuiwing wees (20) sal dit nog maar dieselfde mense wees? -- Nee, ek sal nie dit sê nie, ek sal sê dat sy antwoord was dat daar 'n klemver-skuiwing sou wees ten opsigte van die vyand, maar dat die in-struksies wat ons sal kry nog duidelik sou wees.

Maar julle het op julle eie, op geleentehede het julle teikens vasgestel nie waar nie, identifiseer? -- Ja, as ek nou vir u sal sê 'n teiken geïdentifiseer dan moontlik 'n persoon geïdentifiseer, moontlik 'n plek, dit op skrif gestel, maar die inisiatief het nog altyd van die bestuur van die BSB gekom om te sê dit is nou 'n teiken en handel daarmee as volg. (30)

Ja/...

K28.1311

- 717 -

VAN ZYL

Ja, maar het u die teikens nie van, het u nie inligting ingewin en dit byvoorbeeld aan die BSB gegee nie en dan as gevolg van daardie inligting het hulle besluit dat die persoon 'n teiken moes wees en dat hy geëlimineer byvoorbeeld sou moes wees nie? -- Dit is heeltemal korrek.

So op straatvlak as ek dit so mag noem, is die teikens weer geïdentifiseer? -- In omstandighede, sekere omstandighede, ja.

En u was nie tevrede dat u dit nie meer met duidelikheid kon doen nie? -- Dit is heeltemal korrek. (10)

Ja en sy houding was, wel indien hy sê dat daar 'n klem-verskuiwing sou wees of laat ek die volgende stelling aan u sê: U sê in u beëdigde verklaring dat teikens was aan die linkse kant van die politieke spektrum asook aan die regter-kant van die politieke spektrum. Is dit korrek? -- Dit is reg.

Weet u van enige geval waar 'n persoon van die regter-kant van die politieke spektrum geëlimineer is? -- Nee.

Weet u van enige optrede teen enige regsorganisasie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. (20)

So alhoewel dit volgens u 'n teorie was, was daar abso-luut

geen praktiese verwysing na moontlike optredes teen die reg, die regspolitiese spektrum nie? -- Nie volgens my kennis nie, ja.

Waar is u meegedeel dat die regterkant van die politieke spektrum ook deel van die optredes van die BSB sou gewees het? -- Dit was op meer as een geleentheid aan my gesê en spesifiek kan ek die geval onthou by Die Skuur.

Ja, hoe het u daarvoor gevoel, persoonlik?

VOORSITTER: Met ander woorde het u beswaar daarteen gehad(30)
om/...

K28.1373

- 718 -

VAN ZYL

om hulle as teikens te identifiseer of nie? -- Mnr. die Voorsitter om met u eerlik te wees, ek het nie, ek het nog nooit 'n beswaar gehad teen 'n opdrag nie. Persoonlik moet ek sê dat die linkse element of die linkse vyande, dat ek hulle eerder verkies het as 'n teiken dan die regse vyande.

MNR. LUITINGH: En dit was dan ook so gewees met u maats, want u het uit die aard van die saak vir mnr. Staal Burger redelik lank geken nie waar nie? -- Ek het hom lank geken, ek sal nie kan ... (tussenbei)

Hoe lank het u hom geken? -- Ek sal sê plus-minus ses(10) jaar.

Hoe lank het u vir mnr. Chappie Maree geken? -- Ongeveer dieselfde tydperk.

En mnr. Calla Botha? -- Ongeveer twee jaar.

Waar het u met hulle, u het met hulle gewerk nie waar nie? -- Met mnr. Maree en mnr. Burger, ja.

Ja en dit was by Brixton? -- Dit is korrek.

En mnr. Botha? -- Mnr. Botha het ongeveer ses maande voor ons bedanking, was hy na Brixton oorgeplaas en hy was, hy het in dieselfde groep gedien waarvan ek die groepoffisier (20) was.

En mnr. Deon Wessels? -- Hy was ook in my groep gewees.

U BSB-groep? -- O, nee-nee, my Suid-Afrikaanse Polisie groep.
In die Suid-Afrikaanse Polisie, by Brixton? -- Dit is korrek.
En het hy ooit met u in BSB-aktiwiteite gewerk? -- Nee, nooit
nie.

Weet u of hy 'n lid is van die BSB? -- Nee, ek glo nie.

En u het uit die aard van die saak, omdat u hierdie (30)
mense/...

K28.1448

- 719 -

VAN ZYL

mense geken het, sou u dan ook geweet het wat hulle gevoelens was
ten opsigte van optredes teen die regse politieke spektrum? --
Nee, ek sal nie namens hulle daardie vraag kan antwoord nie.

Nee, ek vra nie dat u dit namens hulle moet antwoord nie,
ek vra of u 'n persepsie het van wat hulle benadering sou ge-wees
het? -- Ek het nie.

Het u nooit politiek met hulle bespreek nie? -- Ons het vlugtig
politiek bespreek, maar ek glo dat ek nie sal kan sê dat mnr. Burger
of Maree vir daardie geval, of Botha, het (10) geen probleem daarmee
gehad om eerder 'n regse vyand te elimi-neer of teen hom op te
tree as teen 'n linkse vyand nie. Ek het nooit die indruk gekry
dat hulle dieselfde houding as ek sal inneem nie.

U sê u het vlugtig politiek met hulle bespreek? -- Dit is
korrek.

Nie in detail nie? -- Nee, ons is nie 'n politieke organisasie
nie.

U is nie 'n politieke organisasie nie? -- Ek staan nie in
die politiek. (20)

Maar u elimineer uit die aard van die saak, is die orga-nisasie
verantwoordelik vir planne met betrekking tot die eliminerings van
politieke figure nie waar nie? -- Ja, dit is ongelukkig so òf
gelukkig so, hoe u dit ookal wil hê dat die
ANC is vandag politieke figure, dit was nie so gewees 'n jaar terug
nie.

Was mnr. Gavin Evans lid van die ANC gewees? -- Mnr. Gavin Evans was lid van verskeie verbode organisasies wat as frontorganisasies gedien het vir die ANC en SAKP.

Was hy 'n politieke figuur? -- Ek sal nie sê hy was (30)

'n/...

K28.1521

- 720 -

VAN ZYL

'n politieke figuur nie, miskien.

Maar ek verstaan nie hierdie benadering van u nie mnr. Van Zyl, want ek is miskien verkeerd in hierdie opsig, maar dit het vir my geblyk asof u aktiwiteite gegaan het oor die moord, die intimidasie en die sabotasie van politieke instansies en figure en uit die aard van die saak sou 'n mens wou aanneem dat in daardie opsig u dan ten minste die politieke beginsels met u kollegas sou bespreek het. Is dit nie korrek nie? -- Die daade wat ek verrig het persoonlik, was gemik teen die vyande van die Republiek van Suid-Afrika en(10) dit mag wees dat een of twee van daardie persone politieke figure is, maar daar was nooit politieke besprekings op my vlak gehou oor wat die implikasies sal wees van so 'n optrede.

Mnr. van Zyl asseblief, die vyande van die Republiek van Suid-Afrika, hierdie term sal ek u nog 'n vraag wil oor vra, maar die vyande van die Republiek van Suid-Afrika is in 'n politieke konteks oor besluit. Is dit nie korrek nie? Daar is nie persone teen wie u opgetree het nie, wat nie besig was met een of ander politieke bedrywigheid nie. -- In vandag se lig kan 'n mens dit seker so vertolk, ja. (20)

Nou wat het hy voorgestel sou die klemverskuiwing gewees het? -- Dit is nou mnr. Burger.

Mnr. Burger op daardie geleentheid toe u nog besig was om dit met hom te bespreek, waar sou die klemverskuiwing gewees het, na wie sou dit verskuif het? -- Ons het nie dit bespreek nie.

Maar mnr. van Zyl asseblief, u is besig om aan hom te motiveer en u het nou reeds erken dat dit 'n sensitiewe saak is, hy wou

nie gehad het u moes weggaan nie en u is besig om met hom 'n bespreking te hê oor hoekom u wil weggaan, seer(30)

sekerlik/...

K28.1599

- 721 -

VAN ZYL

sekerlik moes u bespreek het wat u probleme in hierdie opsig sou gewees het?-- Soos wat ek vir u gesê het, ek het my probleme met mnr. Burger bespreek, maar dit was 'n kort ge-sprek, ek sal sê ongeveer 15 minute, 20 minute, in die teen-woordigheid van verskeie ander persone. Daar was geensins ... (tussenbei)

Wie was die ander persone, kan ons dit net vasstel eers asseblief? -- Mnr. Botha, mnr. Maree, mnr. Brits, mnr. Nie-naber ... (tussenbei)

Weet u wat is mnr. Brits se naam? -- Nee. (10)

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek net op hierdie stadium tussenbeide kom? U is bewus daarvan dat ons verstoë tot u gerig het wat betrekking het op geheimhouding van name van lede van BSB.

U het te kenne gegee dat u nie 'n ba qua beslissing gaan gee nie, mag ek versoek dat, op hierdie stadium die getuie slegs na die administratiewe of skuilname verwys, anders word name geopenbaar vordat u geleentheid ge-had het om daaroor 'n beslissing te gee?

VOORSITTER: Ja, is dit vir u baie belangrik om te weet wie teenwoordig was by so 'n geleentheid? (20)

MNR. LUITINGH: Indien daar 'n moontlikheid is dat hierdie mense as gevolg daarvan en daar is reeds lede van die BSB wat persoonlik geïdentifiseer is, maar dit is uit die aard van die saak nie vanuit die BSB se kant nie, so ek kan mnr. Hattingh se, maar as dit gaan lei daartoe dat mense genader kan word en dat hulle miskien gevra kan word ten einde verdere getuienis te lig op hierdie aangeleentheid dan is dit, maar ek berus by u besluit op hierdie stadium, want ek wou 'n paar name aan die getuie gestel het, maar as u voel op hierdie stadium mnr. die Voorsitter ... (tussenbei)

K28.1671

- 722 -

VAN ZYL

MNR. DU TOIT: Mag ek ook net iets sê, die getuie het reeds getuig in hoof dat hy nie weet wat die regte naam is van die koördineerder of te wel Christo Brits nie, soos die getuienis wat reeds op rekord is nie, so hy weet nie.

VOORSITTER: So Christo Brits sê u, u het reeds sy naam genoem dink ek, hy was die koördineerder, hy was teenwoordig gewees en dan was die ander persone, kan ons maar voorlopig net daarby volstaan, ons kan weer kyk ... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: Soos die hof behaag.

VOORSITTER: U sien, dan kan ek so vir u sê ons, daar is (10) 'n dagvaarding uit vir mnr. Brits om te kom getuig, so ek dink u kan aanvaar, ons weet, het ons probeer opspoor.

MNR. LUITINGH: Dankie mnr. die Voorsitter. Mnr. van Zyl en u sê dan in u motivering aan mnr. Burger sê u, die probleem wat ek het is dat ons gaan probleme hê om teikens te identifiseer. Hy sê vir u, maar die vyande van - daar kan miskien 'n klem-verskuiwing wees, maar die vyande van die Republiek van Suid-Afrika gaan nog daar wees, dit is 'n baie vae antwoord. Het u nie vir hom op daardie stadium gesê maar wie, na wie verwys u, uit die aard van die saak het u, want u het gepraat oor (20) mnr. Tutu se geval nie waar nie? -- Ja, ek het nie vir mnr. Burger gevra om nou aan my te sê, name op te noem van persone nie of name van organisasies nie.

Ek dink ek het dit aan hom genoem dat my inligting was toe reeds dat die ANC gewettig gaan word en ... (tussenbei)

Het u dit aan hom genoem op daardie stadium? -- Ja.

Ja en wat was sy antwoord daarop? -- Hy het met my daar-oor verskil.

VOORSITTER: Is my indruk reg dat toe u die dag gegaan het om met hom te praat het u gegaan, nie om uself te laat (30) oorreced

oorreed om te bly nie, maar net om hom mee te deel u loop? -- Dit is korrek.

MNR. LUITINGH: Hy het met u verskil ten opsigte van die feit of die ANC 'n vyand van Suid-Afrika gaan bly òf hy nou gewettig is aldan nie?

VOORSITTER: Nee, hy het gesê of hy gewettig gaan word.

MNR. LUITINGH: Waar was die klem gewees op sy verskil met u? -- Nee hy het met my verskil of die ANC gewettig gaan word aldan nie en u moet dit so aanvaar dat daar was nie 'n in- diepte gesprek gewees oor identifisering van toekomstige (10) vyande nie, omrede ek toe alreeds besluit het om die tuig neer te lê.

Nou het u gedink dat dit was regverdig gewees dat die BSB dan in daardie opsig nog voortgaan in die lig wat hy vir u gesê het volgens u? -- Nee, ek sal sê as u vertrou is met die veiligheidsituasie van ons land, is dit baie beslis nodig vir die BSB om voort te bestaan.

In die binneland? -- Ja, in die binneland.

En voort te gaan met die aktiwiteite wat hulle mee besig is op die oomblik op daardie stadium? -- Ek weet nie, ek (20) sal nie sê dat hulle moontlik moet voortgaan met dieselfde aktiwiteite waarby ek byvoorbeeld betrokke was nie. Ek dink u sal saamstem dat dit is ook 'n ding wat, die politici verander vandag so vinnig en wat gister nog reg was, is vandag verkeerd en wat gister verkeerd was is vandag reg, dat ek kan vir u sê dat dit is nodig vir die BSB se voortbestaan, maar ek kan on-gelukkig nie vir u sê of dit nodig is vir die BSB om betrokke te raak by soortgelyke dae as waarby ek betrokke geraak, soos wat ek by betrokke was nie in die toekoms nie. My persoon-like gevoel is dat, dit klink amper na 'n politieke (30)

gesprek/...

gesprek mnr. die Voorsitter, maar as almal dan nou na die onderhandelingsstafel toe gaan en almal is opreg by die onderhandelingsstafel dan is daar so 'n tipe van 'n optrede nie nodig nie. Beide van ons kant af ... (tussenbei)

Watter tipe van optrede?-- Gewelddadige optrede teen die vyand, asook die gewelddadige optrede van die vyand teenoor die regering.

Goed, ons sal later weer na die objektiewe van die BSB terugkom, maar kan ons 'n oomblik net gaan na u aansluiting by die BSB. U was by Brixton moord en roof gewees, is dit (10) korrek? -- Dit is korrek.

Is dit korrek dat daar probleme ontstaan het by Brixton moord en roof net voordat u daar weg is as gevolg van die probleme wat ontstaan het met mnr. Le Grange se aanhouding en mnr. Van der Merwe se aanhouding? -- Dit is korrek.

Was daar ooit 'n besluit gemaak om Brixton moord en roof-eenheid in 'n mate te verander en die mense wat daar by was te verplaas en die karakter as't ware van Brixton moord en roof te verander, want daar was heelwat bedankings nie waar nie? -- Daar was baie bedankings gewees, ja, maar dit was ook maar (20) as gevolg van persoonlike gevoele.

Ja, tot watter mate was daar bedankings, hoeveel, is ek korrek, was daar omtrent 32 polisiemanne betrokke by Brixton moord en roof, weet u? -- Blank en swart ongeveer .. (tussenbei)

32. -- Het ons daar gewerk, ja.

En hoeveel van hulle is òf verplaas òf is weg òf het bedank? Hoeveel van hulle wat daar was voor die tyd, voor die Le Grange-insident is weg na die tyd? -- Daar het ongeveer 12 blanke lede van Brixton destyds òf bedank òf verplasing (30)

aanvaar/...

aanvaar òf medies ongeskik die mag verlaat.

Ja, nou ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nou die vraag, om terug te kom, is die volgende:
Van hierdie 12 hoeveel is oor na BSB? -- Vier mnr. die Voor-sitter.

MNR. LUITINGH: Is dit korrek dat Brixton ook 'n binnekring en
'n buitekring gehad het? -- Nee.

Is dit nie korrek nie? -- Nee, dit is nie korrek nie.

Want daar sal inligting aan die kommissie beskikbaar gestel
word dat inderdaad u was deel van 'n sogenaamde (10) binnekring
by Brixton gewees wat dan ook op daardie stadium reeds besig was
met die moor van mense. -- Nee, dit is beslis nie so nie.

Is dit nie so nie? -- Nee, ek sal graag wil hê u moet
spesifiseer, u praat van moor van mense?

Ja, ja ek sal spesifiseer. Was u enigsins betrokke ge-wees
by die insident by Corlett Drive waar daar vier PAC-lede, ek dink
dit is by Corlett Drive waar daar vier PAC-lede soge-naamd
doodgeskiet is en dat daar allerlei Russiese vervaardig-de wapens
in hulle motors gevind is? -- Ja, mnr. die (20) Voorsitter,
ek was, die sake waarby die betrokke lede betrokke was met die
PAC was deur my groep, die C-groep by moord en roof ondersoek.

Ons het gehandel op inligting dat die per-sone onderweg was na
Alexandra en dit was bloot 'n poging om hulle te arresteer en tydens
die arrestasie was die drie in-sittendes van die motor gedood.

Daar was wel beslag gelê op Russies-vervaardigde handgranate,
asook ... (tussenbei)

Wapens, Makarov pistole. -- Nee, nie 'n Makarov pistool nie.

Wat was dit gewees? -- Dit was Scorpion (30)

masjienpistole/...

K28.2025

- 725 -

VAN ZYL

masjienpistole.

Dit is korrek, dit was 'n Scorpion. -- Vier.

Ja. -- Daardie wapens is verbind met omtrent 15 uitstaan-de

sake, moordsake van polisiemanne, weermaglede ensovoorts.

U was betrokke gewees?-- Dit is korrek.

Het u van die mense doodgeskiet daar? -- Dit is korrek.

Is dit korrek dat u is gevra deur die veiligheidspolisie om daardie aspek op te neem van die PAC-lede? -- Ja, ek het die geval met die lede van die veiligheid bespreek.

Wie was die lede van veiligheid met wie...(tussenbei)(10)

VOORSITTER: Is dit nou voor of na die tyd? -- Voor die tyd, maar ek wil dit pertinent aan u stel dat daar was nooit be-spreek om die lede te dood nie, die PAC-lede nie, dit was inligting wat veiligheid ontvang het en oorkanaliseer het na Brixton moord en roof toe waar ek toe gedien het en die hele doel van die optrede was om die persone in hegtenis te neem.

MNR. LUITINGH: Wie by veiligheid het u mee geliasseer? -- Ek het gepraat met, dit is vandag generaal Erasmus.

Wat het hy vir u gevra? -- Hy het gesê dat, generaal Erasmus was welbekend dat ons die twee roofsake waar ons (20) vermoed het die lede van die PAC by betrokke was ondersoek en hy het gesê dat alhoewel dit buite die veiligheid se werks-verband val om rowers te arresteer sal hulle graag die inligting aan ons wil oorgee. Die inligting dat die persone wat die betrokke aand daar gedood was betrokke was by die rowe was ingewin deur 'n veiligheidsbron en nie deur ons moord en roof-bron nie en dit is as gevolg daarvan dat hulle vir ons die inligting gegee het om mee te handel.

Ek wil nie onnodiglik oor hierdie insident ingaan nie, maar dit is korrek, is dit korrek dat daar geen, dat die (30)

persone/...

K28.2132

- 726 -

VAN ZYL

persone in die motor het nie teruggevuur nie. Met ander woorde daar was geen skote op die polisie gevuur op daardie stadium nie.

Met ander woorde die Scorpion wat in hulle motor was is nie

afgevuur nie? -- Dit is korrek, die wapens was nooit afgevuur nie.

U sien ek wil dit aan u stel dat getuienis sal beskikbaar gemaak word aan die kommissie dat hulle in 'n lokval gelei is met die spesifieke oogmerk dat u en die mense met wie u was hulle wou doodskiet? -- Nee-nee, dit is nie so nie. Die be-trokke geval was wel mee gehandel in 'n geregtelike (10) doodsondersoek.

Ja, nou die dood van mnr. Meiring, onthou u dit? -- Ek onthou nie die dood van mnr. Meiring nie.

Maar onthou u die insident? -- Ek onthou die insident waar mnr. Meiring gearresteer was die aand, asook die betrokke geval waar hy deur myself en kaptein Le Grange by sy woning afgelaai was.

Ja, was u besig met sy ondervraging daardie aand? -- Ek was deel van die ondervraging. Dit is korrek.

Waar was die ondervraging? -- By Brixton moord en (20) roof.

Is dit nie waar dat hy inderdaad in Brixton moord en roof oorlede was as gevolg van die feit dat hy gemartel is nie? -- Nee, beslis nie.

Die dood van mnr. Lahotte, onthou u daardie insident? -- Nee, ek ken glad nie so 'n persoon nie.

VOORSITTER: Stel u dit aan die getuie dat hy vir Meiring doodgemartel het, want u weet u het 'n ernstige bewering teen die person gemaak. Ek vertrou dat u 'n feitebasis het vir wat u stel.

(30)

MNR. LUITINGH:/...

K28.2225

- 727 -

VAN ZYL

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, ja ek verstaan.

VOORSITTER: Want ek dink nie dit is billik om, as hy kennis het of teenwoordig was is een ding, maar tensy u feitebasis het, dink ek moet u versigtiger wyse hoe u dit stel.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter ongelukkig, die inligting wat

soms in aangeleenthede van hierdie aard ingewin is, is sulks dat dit nie voor die kommissie gestel kan word nie.

VOORSITTER: Maar dan kan u dit nie aan hom stel dat hy hom doodgemartel het nie en dit het u vir hom gesê, u het dit vir hom gestel en ek dink nie dit is reg nie. (10)

MNR. LUITINGH: Ek is jammer as ek u daar in die verleentheid gestel het mnr. Van Zyl.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, kan ek net verneem, geld dit ook vir die geval van die drie beweerde PAC-lede wat ge-dood is of gaan daar getuienis aangebied word dat die getuie betrokke was.

Soos my geleerde vriend dit nou voorlopig nog gestel het, die sogenaamde doodskiet van die mense, gaan hy getuienis aanbied.

MNR. LUITINGH: Ek het gesê dat daar getuienis in daardie opsig aangebied sal word. (20)

MNR. DU TOIT: Wat dié getuie sal impliseer?

MNR. LUITINGH: Wat dié getuie sal impliseer dat hy in 'n lok-val, dat hulle in 'n lokval ingelei is met die oog daarop om hulle te dood, dit is nog steeds voor hy by die BSB aangesluit het.

VOORSITTER: Ja u sien mnr. Luitingh, weer eens ek kan nie die politieke motief by Meiring se dood insien nie. In alle geval gaan voort.

MNR. LUITINGH: Maar dit gaan hieroor en dit is onder andere en dit is die bewering waarby ek nou kom, onder andere (30)

beweer/...

K28.2300

- 728 -

VAN ZYL

beweer, het mnr. Van Zyl sekere beweegredes aangevoer hoekom hy by BSB aangesluit het en die punt wat ek probeer maak en dit is dat hy was reeds met hierdie tipe van aktiwiteite betrokke nog voor hy by die BSB aangesluit het.

VOORSITTER: Nee, ek het probleme met wat u wil voortgaan, maar gaan maar aan, ons sal maar hoor. Wat is die derde geval wat u wil stel?

MNR. LUITINGH: Hy het gesê hy weet nie van mnr. Lahotte nie.

VOORSITTER: Laotti.

MNR. LUITINGH: Laotti. (10)

VOORSITTER: Is dit L-a-h ...?

MNR. LUITINGH: L-a-o-t-t-i. -- Die naam lui nie vir my 'n klokkie nie, kan u moontlik kortliks vir my die insident skets.

MNR. LUITINGH: Hy was 'n dwelmandelaar gewees dink ek wat in die Oos-Rand - u weet nie van daardie geval nie.

VOORSITTER: Die geval van mnr. Laotti is dat, ek dink, twee persone is doodgeskiet. Is dit reg?

MNR. LUITINGH: Dit is korrek.

VOORSITTER: En ek dink twee persone is tot die dood ver- (20)
oordeel as gevolg van, twee persone is doodgeskiet, hy en iemand anders en ek dink twee mense is tot die dood veroordeel as gevolg van die beweerde moord. Erken u daardie geval? -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

Miskien moet u miskien net effe die prentjie inkleur, miskien sal die getuie die geval kan onthou.

MNR. LUITINGH: Ek laat dit daar vir die oomblik.

VOORSITTER: Nee, ek sal graag net dat u die besonderhede, kan u net naderby die besonderhede omskryf asseblief?

MNR. LUITINGH: Soos ek dit verstaan was daar 'n insident (30)
gewees/...

K28.2389

- 729 -

VAN ZYL

gewees in Germiston, waartydens hy geskiet is. -- As u verwys na die bankrowers wat in Germiston geskiet is ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, dit is 'n dwelmandelaar, dit is 'n be-weerde dwelmandelaar wat in sy huis geskiet is saam met iemand anders, twee persone het ingekom ...? -- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

En die een persoon was ter dood veroordeel is op die moord, is 'n persoon wat 'n vriend of kennis van die oor-ledene was en

ek dink masjiengewere is gebruik.

MNR. LUITINGH: Ja, in elk geval ... (tussenbei) (10)

VOORSITTER: Want ek weet dat mnr. Van der Merwe, dit is nou Le Grange se kollega, is betrokke by die Laotti ondersoek.

MNR. LUITINGH: Dit is korrek. -- Ek dra nie daarvan kennis nie.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter kan ek net, ek het ook 'n probleem met dié soort van tref-en-trap benadering, word daar 'n stelling gemaak dat die getuie betrokke was by Laotti of word dit nie gemaak nie?

VOORSITTER: Nee, die vraag was net gewees dra hy kennis, hy sê hy dra nie kennis nie. Ek dink die advokaat laat dit (20) op die oomblik daar.

MNR. LUITINGH: U is toe op 'n stadium is u verplaas na Pietermaritzburg toe. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

U het nooit soontoe gegaan nie, nog voordat u gegaan het het u besprekings gehad met mnr. Burger oor die BSB? -- Dit is korrek.

En volgens u was u motivering gewees dat u by 'n elite eenheid van die weermag wou aansluit?-- Dit is een van die redes, dit is korrek.

Dit is een van die redes, was daar ander redes (30)
gewees/...

K28.2483

- 730 -

VAN ZYL

gewees? -- Soos wat ek gesê het in my verklaring dat dit was vir my duidelik dat die klemverskuiwing, dat daar 'n klemver-skuiwing was van misdaderverwante aangeleenthede na terreurver-wante aangeleenthede. Met ander woorde dat veiligheidsake in ons land as meer belangrik aanskou was en gepaardgaande met die elite eenheid wat dan by sulke tipe van take betrokke was het ek dit as 'n besondere eer beskou om daar te kon gaan werk.

Ja. Het u toe u verplasing, u het 'n promosie ook gehad, het u dit afgewys uit die aard van die saak? -- Nee, ek (10)
het nie 'n promosie gehad nie.

Sou u nie tweede in bevel gewees het by Pietermaritzburg nie?
-- Wel as u dit 'n promosie wil beskou, ja. Ek het my ontslag
geneem in plaas van my verplasing te aanvaar.

Op watter stadium was dit, het u op daardie stadium reeds
met, was u reeds aanvaar in beginsel deur die BSB of was dit nog
voor die tyd?-- Nee, ek was toe reeds aanvaar. Dit was ongeveer
vyf dae voor ek my ontslag geneem het.

En op daardie stadium het u reeds u bespreking gehad met
generaal Joubert? -- Nee, generaal Joubert het ek eers, (20)
praat u van generaal Joubert van die weermag?

Ja. -- Nee, hom het ek eers ontmoet nadat ek wel 'n lid was
van die BSB.

Kan ek u net vra oor u besprekings met mnr. Burger en die
aansluiting van die BSB? Het mnr. Burger vir u gesê, kan ek dit
so aan u stel, wat het mnr. Burger gesê wat sou die BSB se oogmerke
wees? -- Hoe dit gebeur het, ek het op 'n dag na mnr. Burger toe
gegaan en vir hom gesê dat ek my verplasing na Pietermaritzburg
gaan aanvaar. Mnr. Burger het my toe eenkant geroep na 'n kantoor
en aan my gesê dat, soos wat (30)

ek/...

K28.2597

- 731 -

VAN ZYL

ek reeds in my verklaring uiteengesit het dat hy en die ander twee
lede na 'n spesiale mag toe sou gaan, dat hy binne die volgende
dag of twee vir mnr. Verster sal sien en dat hy voel dit is 'n
eenheid waar, hy sal my graag by die eenheid wil hê en dat ek moet
saam met hom gaan om vir mnr. Verster te spreek.

Ja, wat het hy vir u gesê wat sou die funksie van BSB wees?
-- Dit was nie bespreek gewees nie wat die funksie van die BSB
was nie.

Maar hy het u gevra om hier werk te aanvaar en vir (10) die
organisasie te werk. Het u nie vir hom gesê maar waarmee gaan ons
ons besig hou nie, wat gaan ons doen nie? -- Soos wat ek sê daar

was slegs gesê dat mnr. Verster verbonde was aan die Suid-Afrikaanse Weermag, dit spreek vanself. Ek het maar die funksies van die BSB, was aan my uitgespel deur mnr. Verster en nie deur mnr. Burger nie. Ek glo mnr. Burger het op daardie stadium self ook nie geweet wat die funksies van die BSB behels nie.

Wanneer was dit gewees, as ons net ? -- Dit was die eerste dag toe ek hom gesien het. (20)

Ja, wanneer was dit? -- Dit was hier baie vroeg in Mei. Dit kon miskien 1 of 2 Mei gewees het.

Mei 1988? -- 1988, dit is korrek.

En u dink op daardie stadium het mnr. Burger self nie ge-weet nie? -- Ek glo nie mnr. Burger het in detail geweet wat die funksies van die BSB was nie, maar ek staan onder korreksie.

Het hy onder breë omtrekke geweet? Het hy dit ooit met u bespreek? -- Nee, nee, ek het stellig ook nooit geweet van die BSB se voortbestaan totdat ek aanvaar was nie. (30)

Se/...

K28.2696

- 732 -

VAN ZYL

Se voortbestaan?

VOORSITTER: Het die bestaan? -- Bestaan.

MNR. LUITINGH: Wanneer, het hy met u gepraat oor Mathyssen Busvervoer en hulle betrokkenheid ooit of indien hulle ooit betrokke was, wanneer het daardie bespreking plaasgevind? -- Die dag toe ek vir mnr. Burger gesien het. Hy het net vir my gesê dat hulle gaan weermag toe en nie na Mathyssen Busvervoer nie.

Ek wil dit aan u stel dat Mathyssen Busvervoer as sulks nie betrokke is by die BSB nie en soos wat ek in my verklaring gesê het dat ek glo nie eers mnr. Mathyssen het enige (10) kennis gedra van ons funksies by BSB nie. Hy was bloot 'n lojale burger wat sy maatskappy aan ons gegee het waar ons vir hom 'n diens verrig het, maar intussen ook vir die weermag gewerk het.

Het hy nie vir u meegedeel op daardie stadium toe hy met u gepraat het, dit is nou Mei, dat Mathyssen Busvervoer was reeds 'n front? -- Nee.

Het hy nooit gesê Mathyssen Busvervoer is 'n front nie? -- Nee, Mathyssen Busvervoer is nie 'n front vir die BSB nie. Mathyssen Busvervoer, oom Chris Mathyssen bedryf sy eie (20) besigheid daar. Dit is 'n front vir onself. Ons het dit as 'n front voorgehou vir ons vriende en vyande.

So ek wil net hier sê waar kry ek die stelling vandaan, dit is in u verklaring, maar dit is miskien dat ek dit ver-keerd opgeneem het:

"Ek is deur Burger meegedeel dat (dit is paragraaf 6) dié Mathyssen Busvervoer slegs 'n front was en dat hulle in die Suid-Afrikaanse Weermag sou werk by afdeling spesiale magte."

Probeer u daardeur sê dat dit slegs 'n front was vir (30)

mnr. Burger/...

K28.2797

- 733 -

VAN ZYL

mnr. Burger en mnr. Maree? -- Dit is heeltemal korrek.

Is Mathyssen Busvervoer enigsins, is dit net gebruik as 'n front vir sogenaamde werk wat hulle dan sou gedoen het, of is daar geld deur Mathyssen Busvervoer se rekening geplaas om betalings te maak vir enigiets of Mathyssen is die struktuur van Mathyssen Busvervoer enigsins gebruik vir die doeleindes van die BSB? -- Ek sal sê 'n baie klein gedeelte daarvan. Daar was nooit betalings deur die maatskappy, Mathyssen Bus-vervoer gemaak vir projekte, die uitvoering van projekte en sulike klas van dinge nie. Dit was maar net om vir ons (10) 'n geloofwaardige dekking te gee. Dit is waaroor Chris Mathyssen gegaan het.

En dan ook uit die aard van die saak transaksies soos byvoorbeeld die verskaffing van 'n motor vir u. Is dit korrek?

-- Dit is korrek.

So wat het mnr. Mathyssen gedink gebeur wanneer daar geld aan hom gegee word om vir u 'n motor te koop? -- Ek glo dat mnr. Mathyssen was wel bewus dat ons vir die Suid-Afrikaanse Weermag gewerk het, maar wat ons funksies was as sulks het hy nie van kennis gedra nie sover my kennis strek. (20)

Mr Chairman is it an appropriate time to adjourn.

KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

ABRAM VAN ZYL, nog steeds onder eed:

K2. VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Mnr. van Zyl, ons is besig om te handel oor aspekte van u aansluiting by die BSB.

So wat u vir die voorsitter sê is dat u is genader deur mnr. Burger toe u nog steeds 'n lid van Brixton was. Op daar-die stadium vra hy dat u by hulle aansluit by 'n organisasie wat die klem sou lê op ondersoek van veiligheid, maar dat hy nie vir u 'n verdere omskrywing daarvan gegee het nie, (30)

veiligheidsmisdade/...

K29.0043

- 734 -

VAN ZYL

veiligheidsmisdade. Is dit korrek? -- Ja.

En u sou eers met mnr. Verster daaroor 'n bespreking hê? -- Dit is korrek.

En het u inderdaad daardie bespreking gehad voor u bedank het? -- Dit is heeltemal reg.

Enu het daardie bespreking gehad met mnr. Verster en u was alleen gewees. Is dit korrek? -- Ek was by tye alleen gewees en by tye was ons al vier, was dit sommer 'n algemene gesprek tussen ses van ons oor alles.

Hoeveel keer het u, maar is dit nou met betrekking (10) tot u aansluiting? -- Dit is korrek.

Hoeveel keer het u die aangeleentheid met mnr. Verster bespreek voordat u besluit het dat u daardie betrekking sou aanvaar? -- Slegs een keer.

En op daardie geleentheid was u alleen gewees met mnr. Verster? -- Toe ek gesê het dat ek sy aanbieding se pos, om 'n pos met BSB sal aanvaar of nie?

Ja. -- Dit is korrek.

En het u op daardie geleentheid met mnr. Verster gepraat oor wat presies die betrekking betrekking sou behels? -- (20) Dit was aansienlik bespreek, nie breedvoerig nie, omrede ons aangesê was of gesê was dat ons eers 'n rusperiode sal deur-gaan en dat daar met verloop van tyd 'n kursus aan ons aan-gebied sal word waartydens alle onduidelikhede opgeklaar sal word.

Sê u dat u eintlik die betrekking aanvaar het en selfs begin het sonder dat u eintlik geweet het waaroor dit gaan? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie.

Kan ons dan miskien net teruggaan. Wat het mnr. Verster gesê sou die BSB doen, wat sou hulle funksie wees? (30)

VOORSITTER:/...

K29.0107

- 735 -

VAN ZYL

VOORSITTER: Nee, sou u doen?

MNR. LUITINGH: Sou u doen by die BSB? -- Ons sou die vyande van die Republiek van Suid-Afrika, dit is die kern, die vyande van die Republiek van Suid-Afrika maksimaal ontwrig en dat hulle dit goedgevind het om 'n binnelandse streek te stig.

Het u hom gevra oor die vyande van die Republiek van Suid-Afrika? -- Ja, dit is algemeen bekend. Toe was die vyande van die Republiek van Suid-Afrika verbode persone en organisasies soos die ANC, SAKP en alliansies.

Ja, wat bedoel u deur alliansies? -- Verbode front- (10) maatskappye of frontmaatskappye wat deur verbode organisasies gebruik word om hulle doelwitte te bereik.

Wat van beperkte organisasies? -- Beperkte organisasies ook.

Hulle ook? -- Dit is korrek.

Maar waarom beperkte organisasies, hoekom sal hulle die vyand wees? As hulle dan toegelaat is om in sekere opsigte voort te gaan met hulle bedrywighede deur die regering, waarom sou hulle dan ...? -- Nee, dan was hulle beperk gewees om met sekere dade nie voort te gaan nie omrede dit teen die (20) regering gemik was.

Ja en ...? -- Dan is dit vir daardie doel wat daar teen hulle ook, dat hulle ook ... (tussenbei)

Slegs in soverre as wat hulle voortgaan met aktiwiteite wat nie toegelaat is nie? -- Nee-nee, dit is nie in detail aan ons uitgespel en gesê luister hierdie organisasie doen nou, kry nou soveel regmerkies agter sy naam en hierdie een soveel kruismerkies nie. Daar was net gesê dat die vyande sluit in die ANC, die SAKP en ander verbode organisasies.

Daardie organisasie, sê u nou, dat daardie (30) organisasies/...

K29.0166

- 736 -

VAN ZYL

organisasies is nie aan u openbaar nie op daardie geleentheid? -- Nie al die organisasies nie, nee.

Wel watter ander, u het vir my twee gegee? -- Dit is wat daar aan my, dit is in soverre die gesprek gegaan het oor die vyande van die Republiek van Suid-Afrika.

Lede van die ANC en lede van die SAKP? -- En lede van die SAKP, dit is korrek.

Het u ooit op 'n latere stadium uitgevind dat dit inder-daad meer as dit was en dat daar ander organisasies ook be-trokke was? -- By die kursus was daar wel aan ons gestel (10) dat verbode organisasies ook potensiële teikens is.

Nou watter is geïdentifiseer by die kursus? -- Ek kan nie onthou dat daar spesifiek 'n organisasie se naam genoem was byvoorbeeld soos Natal Indian Congress of so 'n tipe van iets, ek kan dit nie spesifiek my daaraan herinner nie.

Maar asseblief dit gaan daaroor dat u die vyande maksimaal gaan ontwrig, seer sekerlik is deel van daardie stelling dat u hulle dan ten minste behoort te kan identifiseer? -- Ja, ek wil dit aan u stel dat ons was nie 'n inligtingsorganisasie nie en dit was pertinent aan ons gestel (20) dat ons nie moet uitgaan om inligting in te samel oor persone, organisasies, daarvoor was daar 'n bestaande netwerk. Ons moes slegs die vyand ontwrig, uitvoer gee aan goedgekeurde projekte.

Ek gaan terugkom hiernatoe. Sê u dat die organisasies waarteen u sou opgetree het of potensieel sou teen opgetree het dan nie deur u of deur die BSB geïdentifiseer is nie, dat daardie data kom van ander instansies af?

VOORSITTER: Ek dink nie dit is wat die getuie gesê het nie. -- Nee, ek sal nie dit sê nie. Ek glo dat ons ons (30)

teikens/...

K29.0235

- 737 -

VAN ZYL

teikens as geïdentifiseer deur die BSB as gevolg van inligting wat ons so met verloop van tyd bymekaar maak en deurkanaliseer na die bestuursvlak toe, maar ons het hoofsaaklik gehandel op inligting wat beskikbaar gestel was aan die bestuursvlak van die BSB deur ander intelligensie eenhede. Ek kan ongelukkig nie vir u sê watter intelligensie eenheid het watter inligting betreffende watter projek verskaf nie of waar die BSB aan inligting omtrent sekere projekte gekom het nie.

Ons sal terugkom tot die inligtingsaspek. Kan ek dan net vra op die kursus wat u nou bygewoon het is daar ander(10) instansies behalwe die twee wat u nou genoem het, genoem, kan u enige van daardie ander onthou? -- Nee, ek kan my nie nou daaraan herinner nie.

Wat van die UDF? -- UDF.

Was dit genoem? -- Baie beslis, ja.

Nou hoekom kan u dit nie onthou nie? -- Dit het lank terug

plaasgevind en daar is 'n ontsettende klomp verbode organisasies, beperkte organisasies. Ek dink nou hoofsaaklik maar as ek vir u 'n antwoord gee aan die twee wat ek kan onthou en die wat dan uit die aard van die saak die (20) grootste twee sal wees. As ek nou, die blote feit dat ek nou nie die UDF genoem het nie, is nie dat ek dit vir u enigsins wil verberg het nie, dit is maar net soos ek dit gesê het dat ek dit nie in hierdie geval kan onthou nie.

Wil u vir die Voorsitter sê dat u vergeet dat die UDF een van daardie is? -- Nee, ek sal nie sê ek het dit gesê nie.

VOORSITTER: Nee, asseblief mnr. Luitingh. Die getuie het ge-sê dat hulle - alle verbode organisasies het op die lys geval. Nou of die verbode organisasies aan hom uitgespel is op daardie stadium of nie, dink ek maak aan my huidige (30)

ondersoek/...

K29.0296

- 738 -

VAN ZYL

ondersoek bloedweining verskil.

MNR. LUITINGH: Ek wil dit nie verder neem nie mnr. die Voor-sitter, behalwe in ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ons weet nou dat die verbode organisasies en wat beskou is as frontorganisasies is op hulle lys.

MNR. LUITINGH: Ek wou net weet hoekom hy dit nie aan u wou sê nie.

VOORSITTER: Dit help my nie veel nie. Ek wil vreeslik graag hê dat u moet by feite uitkom wat my kan help en ek dink, ek is jammer om vir u te sê, dat baie wat u vra my nie veel (10) verder by die ondersoek - miskien het u 'n goeie rede daarvoor, maar ek mis die rede dikwels.

MNR. LUITINGH: Was Swapo deel daarvan gewees? -- Dit is korrek.

Was die M.Conscription Campaigne een van die organisasies gewees? -- Dit was nie 'n organisasie, beslis nie op die kursus aan ons uitgespel nie. Hy val uit die aard van die saak onder

beperkte verbode organisasies of het daaronder geval, maar hy was nie individueel behandel nie.

Ek dink wat ek sal doen om hierdie kruisondervraging (20) kort te sny, ek sal mōre 'n lys van organisasies bymekaar stel en vir u gee en dan kan u miskien net identifiseer watter is genoem en watter nie, dan hoef ons dit nie nou te behandel nie. -- Dit is goed so.

Die tweede aspek is, kan ons eers vir 'n oomblik stilstaan by die inligting. Uit die aard van die saak is militêre inligting, was, is 'n instansie waarvan u data verkry het. Is dit korrek? -- Afdeling Militêre Intelligensie, asook Nasionale Intelligensie se name was genoem. Ek het nooit self enige inligtingstukke van hulle ontvang of van (30)

enige/...

K29.0359

- 739 -

VAN ZYL

enige lede van daardie twee organisasies of ek het nooit inligting ontvang wat gesê het luister, hierdie inligting kom nou van afdeling AMI nie of van Nasionale Intelligensie nie, maar dit was genoem dat daar samewerking is, tussen die organisasies op hoë vlak, tot waar kan ek nie sê nie.

As u praat van inligtingstukke is dit so dat u van tyd tot tyd komperuitdrukke gekry het van inligting, is dit die tipe van inligtingstuk waarna u sou verwys? -- Ja, daar was nou en dan sekere veiligheidsinligting onder ons aandag gebring.

(10)

Was dit in die vorm van 'n verslag of 'n komperuitdruk?-- Dit was in die vorm van 'n verslag en komperuitdruk.

Het u, was u daarvan bewus dat die Johannesburgse Stadsraad op enige stadium inligting gegee het aan Militêre Inligting of Nasionale Inligting? -- Nee.

Wat betref maksimaal ontwrig, wat het u daardeur verstaan? -- Dit was die terme maksimaal ontwrig, was aan ons verduidelik

dat wat die omstandighede, elke geval sal op sy eie meriete behandel word en maksimaal sal afhang van die omstandighede. Ek meen ... (tussenbei) (20)

En dit volgens u kon gewees het enigiets van die breek van die breek van vensters tot om mense te vermoor. Is dit korrek?-- Dit is korrek, ja. Dit is maar soos ek dit geskets het aan my advokaat, maar dit is nie 'n voorbeeld wat spesifiek aan ons genoem was nie.

Maar tog in die bedrywighede was u betrokke gewees by planne wat daartoe gemik was om mense te vermoor? -- Dit is korrek.

Hoe het u daaroor, en u het dit verstaan ten tyde van u bespreking met mnr. Verster? -- Ja. (30)

Ja/...

K29.0441

- 740 -

VAN ZYL

Ja en wat was u houding daaromtrent? -- Soos wat ek sê dit was, as u verwys na om 'n persoon te vermoor was dit nog nooit 'n maklike besluit gewees nie. Dit was nog altyd 'n besluit wat sover as moontlik vermy moet word, maar ongelukkig het omstandighede dit vereis dat ter wille van oorlewing daar sulke aksies uitgevoer moet word.

En was dit u gevoel gewees? -- Dit was my persoonlike gevoel.

Ter wille van wie se oorlewing? -- Ter wille van myne, ter-wille van u s'n, ek praat van die hele Suid-Afrika. (10)

Om byvoorbeeld mnr. Gavin Evans om die lewe te bring?

VOORSITTER: Ekskuus mnr. Luitingh, ek verstaan u emosie, wat die getuie gevoel het is irrelevant by die kommissie. Wat hy gedoen het is relevant. Verstaan u die verskil?

MNR. LUITINGH: Ja.

VOORSITTER: Nou hou u asseblief by die verskil.

MNR. LUITINGH: Wel, hy was onder andere by daardie betrokke gewees.

VOORSITTER: Ek is nie besig om die getuie se skuld of

blaam-waardigheid te bepaal nie. Ek probeer vasstel wie het (20) wat gedoen. Dit is al.

MNR. LUITINGH: En om watter rede, is dit nie ... (tussenbei)

VOORSITTER: As dit 'n politieke motief is, ons aanvaar dit is politieke motief, hy het klaar gesê dit is politieke motief.

So sy persoonlike motiewe en gevoelens òf hy 'n skuld het, moreelverwytpaar of andersins, stel ek nie in belang nie. Dit kan ons dae en weke besig hou, asseblief.

MNR. LUITINGH: Wel, kan ek dan vir u vra, dit miskien anders vir u stel, wat sou, die Gavin Evans projek, was dit u projek gewees?

-- Nee, mnr. Gavin Evans se projek was aanvanklik (30)

dié/...

K29.0507

- 741 -

VAN ZYL

dié van mnr. Maree. Ek was slegs gevra op 'n baie laat stadium om uitvoering aan die projek te gee deur van my indi-rekte lede gebruik te maak. So wat die omstandighede was wat daartoe bygedra het, die registrasie van daardie projek, kan ek ongelukkig nie vir u sê nie.

Kan ek dit dan so stel dat selfs projekte, wel dat lede van die BSB dan betrokke sou gewees het by projekte waar hulle nie die motivering omskryf het nie, opgestel het nie en waar hulle dan ook nie die inhuis bygewoon het nie en dat hulle eintlik nie eers geweet het waaroor dit gaan nie behalwe (10) dat hulle opdrag gegee is deur miskien ander lede soos in die geval soos u nou beskryf het, dat daar wel 'n projek was en dat hulle moes dan voortgaan met die uitvoering daarvan? -- Ja, ek sal tot 'n groot mate saamstem dat ek het opdragte slegs gekry vanaf die, wanneer dit kom uit projekte vanaf die koördineerder en vanaf die streeksbestuurder.

Ja, maar wat ek wil, wel, dit blyk uit u antwoord dat daar moontlik twee scenario's is. Die een is waar 'n lid betrokke sou gewees het by die inwin van inligting, by die voorlegging aan die streeksbestuurder, by die motivering (20) daarvan, by die

ontvang van 'n besluit om optrede aan te neem en dan by die uitvoering daarvan. So hy sou dan heeltemal bewus wees van die presiese rede van die projek? -- Dit is korrek.

Maar daar is 'n tweede scenario en dit is waar hy inderdaad nie bewus is vir die rede van die projek omdat op die einde soos in die projek, in die Evans-projek wat u betref hy op die laaste gevra word om dit uit te voer, dan moet hy net eenvoudig aanvaar dat byvoorbeeld daar 'n projek is dat dit deur al daardie kanale gegaan het en dat hy dit net (30)

uitvoer/...

K29.0582

- 742 -

VAN ZYL

uitvoer, sonder dat hy eintlik weet waaroor dit gaan. Is dit korrek? -- Dit is heeltemal korrek.

Nadat u, ek wil net graag vir u vra oor u bespreking met, dit is generaal Joubert, u het hom op twee geleenthede gesien.

Is dit korrek?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek is jammer om in die rede te val, maar hier is twee generaal Joubert's, ek sal graag dat my geleerde vriend dit net elke keer ... (tussenbei)

VOORSITTER: Van die weermag, ek dink nie ons praat van die polisie nie. (10)

MNR. VISSER: Mag dit u behaag.

VOORSITTER: Die polisie se naam is nog nie genoem nie.

MNR. LUITINGH: Generaal Joubert van die weermag, u het met hom gepraat. Is dit korrek? -- Dit is reg.

En op daardie stadium was dit in die Ponti-gebou. Het u 'n kantoor daar gehad, was dit 'n woonstel of ... ?-- Nee, dit was in 'n woonstel gewees.

En was dit offisiële kantoor gewees van die BSB? -- Dit is korrek.

Het daardie kantoor ooit verskuif na die Park Lane Hotel? -- Ne. (20)

Het u nie gegaan na die Park Lane Hotel nie? -- O, ja-nee, ek was by die Park Lane Hotel gewees, maar daar was nooit 'n offisiële kantoor by die Park Lane Hotel gewees nie, weens sekerheidsredes.

Het mnr. Burger daar 'n kantoor gehad? -- Dit is korrek.

En het hy daardie kantoor gebruik vir die bedrywighede van die BSB? -- Wat mnr. Burger veronderstel was om te doen was om die kantoor te gebruik vir die bedrywighede van die Park Lane Hotel.

Dit sou slegs as 'n dekking vir hom (30)

daar/...

K29.0631

- 743 -

VAN ZYL

daar gedien het. Hy moes nie die Park Lane Hotel se kantoor gebruik het vir die bedrywighede of vir die bevordering van die bedrywighede van die BSB nie. Dit was wel onder een of twee omstandighede moontlik gedoen waar dit nie anders kon nie, maar ek was nooit by waarna enige beplanning in die BSB self gedoen of in die Park Lane se kantoor gedoen was nie. Dit was maar merentyd die afhandeling van finansiële dokumentasie wat die streekbestuurder se handtekening geverg het.

Waar is die beplanning gedoen? -- Die beplanning is (10) altyd in hotelle gedoen in Johannesburg en in Pretoria.

Op verskillende plekke? -- Op verskillende plekke.

Die lêers van die BSB waar is dié gehou, van die aktiwi-teite wat julleself ...? -- Ek het nie 'n idee waar dit gehou was nie.

Het u ooit lêers gesien? -- Ja.

En het u ooit 'n lêer gehad? -- Dit is korrek.

En wat het u gedoen met die lêer? -- Ek het nooit die - as ek sê ek het 'n lêer gehad, daar was 'n lêer toegeken aan my.

Ek het nooit die lêer vir langer as die tydsduur van(20) die vergadering in my besit gehad nie. Die lêers was altyd na die vergadering ingeneem en wel dit is gestoor, maar ek kan vir u sê dit was nie by die Park Lane Hotel gestoor nie. Die sekerheid

daar was te groot gewees.

Vir wie het u die lêers gegee nadat u gewerk het daaraan?
-- Vir Christo of vir die streeksbestuurder.

En u weet nie waar het hulle dit gehou nie? -- Ek weet dit was by 'n weermagsbasis.

Hoofkantoor, Spesiale Magte? -- Moontlik, ek kan dit nie sê nie, ek sal moet ... (tussenbei) (30)

Die/...

K29.0696

- 744 -

VAN ZYL

Die ander lêers met betrekking tot buitelandse aktiwiteite was dit daar gehou? -- Ek kan dit ook nie sê nie.

Met betrekking en ek wil u net vra, ek het reeds daarvoor mee gehandel, maar ek wil net sekerheid hê, met betrekking tot die regse politieke spektrum as teiken, u het gesê u het nooit geweet daarvan nie. Het u ooit geweet dat mnr. Maree of mnr. Burger of mnr. Botha of enige van die ander ooit met so 'n projek besig was? --Nee.

Het u ooit met hulle bespreek of hulle ooit met sulke projekte besig was? -- Nee. (10)

Generaal Joubert van die weermag, op daardie stadium, wat was sy betrokkenheid gewees? -- Hy was die voorsitter van die BSB.

Ja en is hy op 'n latere stadium vervang? -- Dit is korrek.

Deur generaal-majoor Webb? -- Dit is heeltemal reg.

Het u besprekings met hom ook gehad? -- Nee.

Het u hom ooit ontmoet? -- Ek het ... (tussenbei)

In u hoedanigheid as 'n werknemer van die BSB? -- Nee.

Nee, het u hom andersins ontmoet? -- Ja. (20)

Ja, op watter geleentheid is dit? -- Ek het die generaal ontmoet na my vrylating, tydens 'n konsultasie met mnr. Hattingh.
VOORSITTER: Volgens u getuienis het die binnelandse aktiwiteite waarvan u weet van BSB, het u dit eers van begin verlede jaar, begin 1989, 'n aanvang geneem? -- Dit is korrek, sover my kennis

strek. Daar was aan ons gesê dat die streek 6 uit-sluitlik gestig word. Daar is nie ander selle wat binnelands opereer nie.

Met ander woorde streek 6 is gestig of het in werking(30)

getree/...

K29.0772

- 745 -

VAN ZYL

getree, soos ek u verklaring verstaan ...? -- In Mei.

In Mei verlede jaar? -- In Mei 1988.

Ja, maar wanneer het hy begin operasioneel raak binne die Republiek van Suid-Afrika? -- 1 Januarie 1989.

MNR. LUITINGH: Kan ek u vir 'n oomblik net weer terugneem na die kwessie van die lêers. Daar was op 'n stadium 'n interne ondersoek gewees deur generaal Badenhorst en 'n brigadier Engelbrecht. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Op daardie geleentheid was mnr. Verster by gewees? -- Nie met my onderhoud nie. (10)

Met ander? -- Ek het so verstaan, maar ek weet nie.

Wie was by gewees toe u ondervra was? -- Slegs daardie genoemde twee persone.

Dit is my inligting dat die lêers aan daardie twee persone beskikbaar gemaak is. In u geval is die lêers ook beskikbaar gemaak aan hulle sodat hulle u daarvoor kon ondervra? -- Hulle het inligting gehad oor die insidente. Ek het nooit die indruk gekry dat hulle die lêers vir die betrokke projekte voor hulle gehad het en daaruit gewerk het nie.

(20)

Hoe bedoel u die indruk gekry? Of die lêers was daar mnr. Van Zyl of hulle was nie daar nie, was die lêers nie daar nie? -- Ek kan nie vir u sê dit is - ek glo nie die lêers was daar nie. Hulle het wel gewerk vanaf getikte en geskrewe dokumentasie, maar ... (tussenbei)

Sou dit 'n opsomming wees van wat in 'n lêer sou gewees het, was u indrukke? -- Dit was my indruk, ja.

Dat hulle 'n opsomming gegee is van die lêer? -- Dit was my
... (tussenbei)

En dat hulle u dan sou uitvra oor daardie (30)
aangeleentheid/...

K29.0833

- 746 -

VAN ZYL

aangeleentheid? -- Dit is korrek.

Het u enige idee waar hulle dit vandaan sou kry? -- Nee, ek
weet nie.

Wel, uit die aard van die saak sou mnr. Verster dit vir hulle
gegee het? -- Ek weet nie, dit mag wees.

Generaal Joubert wat het hy vir u gesê met watter
bedry-wighede sou die BSB dan besig wees? Was dit die ...? --
Presies dieselfde. Generaal Joubert het nie, het ons basies
tydens die eerste en die tweede ontmoeting slegs gesê dat ons nog
onaktief sou wees, maar dat ons verbonde is nou aan (10) die
streek 6 en wat ons pligte sal wees soos wat ek nou reeds vir u
daar vantevore beskryf het.

Dit blyk uit u beëdigde verklaring dat u sonder twyfel met
die idee gelaat is dat die hele idee gesanksioneer is. Met ander
woorde dat dit deur die weermag ten minste, gesank-sioneer is,
dat hulle bekend is met die bedrywighede of dat dit 'n ligitieme
deel of afdeling van die weermag is? -- Die BSB?

Ja. -- Dit is korrek.

En hulle aktiwiteite? -- Dit is heeltemal reg. (20)

Het generaal Joubert dit ook aan u impliseer, oorgedra?--
Dit is heeltemal reg.

Met ander woorde dat die aktiwiteite wat julle het is
inderdaad in opdrag van die weermag? -- Ek glo u kan dit so stel,
ja.

Het hy ooit met u gepraat oor hoe byvoorbeeld sensitiewe
inligting bespreek sou gewees het op hoër vlak, met wie hy dit
sou bespreek het en indien daar verrykende,

byvoorbeeld, ak-tiwiteite was van wie so 'n goedkeuring dan sou gekom het? -- Dit is weer eens bloot spekulasie. Daar was aan ons (30)

genoem/...

K29.0915

- 747 -

VAN ZYL

genoem dat 'n meer senior of baie meer senior lede van die weermag by besluitneming betrokke is en dat uiters sensitiewe en politieke gevalle ook op parlementêre vlak bespreek sal word. Ek kan dit vir u nie bevestig nie. Ek sê maar net vir u wat aan my gesê was. Ek het nooit met sulke gevalle te doene gekry nie.

Wel, uit die aard van die saak affekteer dit u gemoeds-toestand. U was tevrede gewees dat die opdragte wat u gekry het op 'n behoorlike vlak goedgekeur was? -- Baie beslis, ja.

En dit het uitgekóm uit u bespreking, uit die aard (10) van die saak met generaal Joubert? -- Generaal Joubert en mnr. Verster.

Ja. Daar sal inligting voor hierdie kommissie geplaas word dat onder andere generaal Badenhorst homself ook gebesig het in sekere opsigte met projekte. Kan u kommentaar daarop lewer? -- Ek kan geen kommentaar daarop lewer nie.

Het u nooit vir generaal Badenhorst ontmoet behalwe by die ondersoek? -- Nee.

Ek sal op 'n latere stadium terugkom na die ondersoek toe en sy bespreking met u. Mr Chairman if you could just (20) bear with me for a moment, I would just like to consult ... en dit was op daardie stadium nadat u gepraat het met generaal Joubert, o-nee, u het na die bespreking met mnr. Verster bedank en toe het u met generaal Joubert, dit is nou van die weermag, die bespreking gehad, maar u het op 'n verdere geleentheid weer 'n bespreking met hom gehad. Is dit korrek? -- Dit is reg.

Was dit net op twee geleenthede wat u met hom ...? -- Geskakel het.

Geskakel het. Nou die tweede geleentheid waaroor het(30)

dit/...

K29.0997

- 748 -

VAN ZYL

dit op daardie geleentheid gegaan? -- Dit was ongeveer Oktober, Novembermaand 1988 en dit was basies herhaling van die eerste gesprek. Ek sal sê dit was moontlik meer van 'n sosiale byeenkoms as enigiets anders.

Op die tweede geleentheid was u nog in die ses maande tydperk gewees of het u reeds begin aktief raak? -- Nee, nog steeds binne-in die ses maande rustydperk.

Het u in beginsel die tipe aktiwiteite met generaal Joubert bespreek? -- Daar was baie oppervlakkige besprekinge gewees. Nee ons het nie veel, ek het persoonlik nie (10) veel vir generaal Joubert uitgevra nie, omrede ek my verlaat het op die kursus wat ons aangebied sou word en dit is ook die heelyd aan ons gestel dat by die kursus sal alles vir ons meer duidelik word.

Nou by die kursus het hulle gehandel met u aanspreeklikheid indien u ooit ontbloom sou word en hoe dit mee gehandel sou word? -- Ja, nommer een, hulle wou ten alle koste verhoed het dat die organisasie of enige van sy lede ontbloom word.

Kan u sê wat is die rede daarvoor? -- Omrede ons 'n geheime of koverte organisasie is dan. (20) En omdat julle besig was met ...? -- Om na die staat se belang te kyk.

En omdat julle besig was met onregmatige dade? -- Ek sal nie sê onregmatige dade in dié sin dat ek geweet het dat dit onwettig was nie. Ek sal sê nee, dit was bloot so gedoen omdat so 'n organisasie nie wil hê dat elke tweede persoon moet kennis dra van hulle aktiwiteite nie.

Dit kan ons verstaan, maar u wil nie werklik vir die voorsitter sê dat u nie die doodmaak van 'n mens as nie on-regmatig

(tussenbei)

(30)

VOORSITTER: Weer eens mnr. Luitingh, dink ek moet u aanvaar dat ek nie besig is met die persoon se subjektiewe skuldge-voelens nie. Ek stel net daarin belang wat hulle gedoen het.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter ek verstaan dit, maar dit gaan, hierdie vrae is nie daarop gerig om sy, gemik om sy sub-jektiewe gemoedstoestand te bepaal nie, maar wat sou gedoen gewees het en hoekom hulle koverte ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar hy het mos gesê wat hulle gaan doen. Ons weet dit mos nou al van die begin af.

MNR. LUITINGH: Maar hy beskou dit nie as 'n onregmatige (10) daad nie.

VOORSITTER: Dit mag so wees. Of hy nou reg of verkeerd is en of ek hom glo en of ek hom nie glo nie is irrelevant.

MNR. LUITINGH: Behalwe in soverre as wat dit die optrede en die beskerming van hierdie lede deur ander instansies dan sou bewerkstellig.

VOORSITTER: Wel hy het nou gesê hulle mag nie ontbloot word nie.

MNR. LUITINGH: Ja en dit is omdat hulle kovert is, maar dit gaan nie daaroor dat hy nie geweet het dat wat ... (20) (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, die vraag is, wat het hulle vir hom gesê nie wat hy geglo het nie. As u dit stel op die vraag wat hulle vir hom gesê het is ek heeltemal tevrede.

MNR. LUITINGH: Mnr. van Zyl, hoe het u verstaan, indien u ontbloot sou gewees het, hoe sou u beskerm gewees het? -- Ons sou van vervolging gevrywaar word.

Deur wie? -- Deur die staat.

Deur mnr. Von Lires? -- Ek weet nie, sy naam is nie aan ons genoem nie. (30)

Hoe sou die staat dit vrywaar? -- Die motivering wat daarvoor voorgehou was, was dat ons in 'n onverklaarde binne-landse oorlogsituasie was en dat as gevolg daarvan word ons dade geregverdig.

Het u gevra of ondersoek ingestel of hierdie sogenaamde vrywaring ooit met daardie vleuel van die staatsmasjinerie bespreek is en of dit ooreengekom is? -- Ek verstaan die vraag nie?

Byvoorbeeld die Prokureur-generaal, soos u weet, u het uit die aard van die saak met die Prokureur-generaal baie (10) geskakel en u het geweet dat hy kyk na dossiere en hy besluit of daar aangekla moet word en of daar nie aangekla moet word nie, u weet dat dit is die masjinerie waardeur die staat per-sone sal vervolg. Nou is dit aan u gestel dat daardie vleuel van die staatsmasjinerie u sou vrywaar? -- Nee, dit was nie spesifiek aan ons gestel dat die Prokureur-generaal, homself of sy kantoor ons van vervolging sou vrywaar en of moontlik die Staatspresident of wie ookal nie.

Daar was net aan ons gesê dat ons van vrywaring ... (tussenbei)
VOORSITTER: Van vervolging...? -- Gevrywaar sou word. (20)

MNR. LUITINGH: Maar wat ek graag sou wou weet is, hoe het u gedink, ek meen hierdie is uit die aard van die saak baie belangrik omdat ... (tussenbei)

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, ek sou juis sê dat dit die deel is wat nie belangrik is vir u nie, naamlik dat hoe hy daarvoor sou gevoel het.

VOORSITTER: Ja, die vraag is wat mnr. Luitingh wil weet, het u enige stappe geneem om vas te stel of daardie versekering wat aan u gegee is gefundeer is? -- Nee, ek het op die integriteit van die persone staat gemaak wat dit aan my (30)

meegedeel/...

meegedeel het.

En het hulle vir u gesê, het hulle spesifiek vir u verduidelik hoe u van vervolging gevrywaar gaan word of het hulle net die algemene stelling gemaak? -- Net die algemene stelling gemaak.

MNR. LUITINGH: Het u ooit bespreek met enige persone wat die nood van die organisasie van die BSB was in vergelyking met byvoorbeeld die bestaan van die veiligheidspolisie en ander instansies? Met ander woorde hoekom byvoorbeeld die funksies wat die BSB nie kon verrig het nie deur ander veiligheids-(10) instansies kon verrig gewees het nie? -- Dit is nooit op hoë vlak, ek het dit nooit byvoorbeeld met generaal Joubert bespreek nie. Dit was aan ons voorgehou en ons het dit so aan-vaar en ons het dit ook so bespreek dat omrede die Suid-Afrikaanse Polisie, Veiligheid, te bekend is om koverte op-tredes uit te voer was daar 'n organisasie nodig om hierdie klas van optredes aan uitvoering te gee waarvan die publiek, asook lede van die, asook min lede van die staatsdiens wel van bewus was.

Is die rede eerder nie dat die Suid-Afrikaanse (20) Polisie hulle moet besig hou met wettige optredes nie en binne die wet terwyl die BSB dan buite die wet opgetree het, waarom hulle dan ook gevrywaar sou moes gewees het nie? -- Nee.

Hoekom is dit nie moontlik dat die veiligheidspolisie dan ook 'n onbekende tak of geheime tak kon gehad het om met hulle verrigtinge voort te gaan nie? -- Die Suid-Afrikaanse Polisie as sulks het nie eers genoeg mannekrag om na hulle huidige taak om te sien nie, so ek kan nie my indink waar hulle nog 200 mense sou gekry het om so 'n eenheid te kon bedryf het nie.

(30)

Is/...

K29.1311

- 751 -

VAN ZYL

Is dit u antwoord op die vraag? -- Ja.

Het u ooit 'n bewering gemaak dat die Suid-Afrikaanse Polisie

met onwettige bedrywighede besig was? -- Ek sal nie sê onwettige bedrywighede nie, nee.

Het u 'n soortgelyke verklaring gemaak of stelling gemaak, of is so 'n stelling namens u gemaak? -- Ek het 'n stelling gemaak aan generaal Joubert van die Suid-Afrikaanse Polisie dat die Suid-Afrikaanse Polisie betrokke is by kovertes organisasies, kovertes optredes. Dit is korrek.

Onwettige kovertes optredes? - Nee. (10)

Het u, was daar samewerking gewees tussen die BSB en ander veiligheidsinstansies? -- Ek veronderstel so. Ek het nooit met enige ander lede van ander veiligheidsinstansies saamgewerk nie.

Is daar inligting byvoorbeeld gewissel tussen die veiligheidspolisie en die BSB? -- Dit mag moontlik so wees. Ek weet nie.

Het u gebruik gemaak van die veiligheidspolisie se inligting ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hy sê hy het nooit kontak met hulle gehad nie(20) mnr. Luitingh.

MNR. LUITINGH: Ja, dit is korrek.

VOORSITTER: Nou goed, nou vra u die vraag of hulle gebruik gemaak het van hulle, as hulle nie kontak gemaak het nie.

MNR. LUITINGH: Hulle hoef nie noodwendig in die wye sin kontak te gemaak het. Dankie mnr. die Voorsitter. Het u ooit gebruik gemaak van inligting wat van veiligheid gekom het ten einde teiken vas te stel, teikens te bepaal? -- Ek het veiligheidsinligting op een geval ontvang deur 'n indirekte lid wat ek deurgegee het aan die koördineerder. (30)

In/...

K29.1385

- 752 -

VAN ZYL

In watter geval was dit? -- Dit het gehandel oor inligting van 'n geval te Swaziland. Daar was nooit 'n geval nie, laat ek dit so stel. Dit was net inligting omtrent ANC-lede in

Swaziland. Dit was deur die gebruiklike kanale mee gehandel en ek weet nie wat daarvan geword het nie. Het u ooit inligting ontvang van watter aard ookal ten opsigte byvoorbeeld Jay Naidoo van Kosatu? -- Nee, ek persoonlik het nooit inligting ontvang nie. Ek weet dat daar was wel 'n getikte brief of 'n dokumentêr oor onder andere Jay Naidoo ter inligting vir ons sel. Dit is in soverre ek (10) die vraag kan beantwoord.

Was u ooit betrokke gewees by 'n projek betreffende hom? -- Nee. Nee, ek het op 'n stadium verneem van 'n indi-rekte lid Peaches dat hy 'n huis identifiseer het van Jay Naidoo.

Het hy die huis identifiseer? -- Dit is heeltemal korrek en daardie inligting was, het hy aan my verstrekkend en ek het dit deurgegee aan die bestuur van die BSB.

Het u enige betrokkenheid gehad of weet u van enige be-trokkenheid van 'n insident waar 'n bom geplaas is in (20) Kosatu-huis? -- Ek weet van die betrokke geval. Ek kan nie vir u sê wie daarvoor verantwoordelik was nie.

Ek sien. Nou as ons net vir 'n oomblik kan gaan na ...

VOORSITTER: Mnr. Luitingh wanneer was die geval gewees?

MNR. LUITINGH: Ek dink hierdie geval was, ek dink, aan die einde van 1987. As ons net vir 'n oomblik kan gaan na presies hoe die BSB gewerk het, soos u in u verklaring uit-eengesit het. U sê dat u het nie as sulks inligting ingewin nie of was dit ook deel van u funksie gewees? -- Dit was nie ons primêre taak gewees nie om inligting in te win nie. (30) Ek/...

K29.1487

- 753 -

VAN ZYL

Ek het wel inligting wat tot my beskikking gekom het deur die loop van my uitvoering van my primêre take bymekaar gemaak en deurgekanaliseer na die BSB bestuur.

Is daar byvoorbeeld sekere name aan u gegee en is u gevra om uit te vind oor die persone wat u dan by onbewustelike lede sou ...? -- Ja.

Is dit onder andere 'n taak gewees? -- Dit was onder andere ... (tussenbei)

En wat sou u dan met daardie inligting moes doen? -- Dit sou ek dan teruggee aan die koördineerder of streek- (10) bestuurder.

Sou dit dan 'n projek op sy eie gewees het? -- Die inwin van die inligting?

Ja. -- Ja, maar nie 'n projek in die sin dat daar enig-iets vooraf op skrif gestel word om te sê dat jy is nou besig om inligting in te win ten opsigte van mnr. Y nie, dit is net 'n opdrag wat jy uitvoer en basies al wat jy, dokumentasie wat daarvoor benodig word, is moontlik finansies wat aangevra moet word om uitvoering te gee aan die inwinning van die inligting.

So wanneer 'n persoon se naam aan u gegee is om (20) inligting in te kry sou u nie deur al die kanale gegaan het vir 'n motivering en die opstel of 'n bepaling van wie die persoon is nie en dit sou nie noodwendig goedgekeur moes gewees het deur die streeksbestuurder nie? -- Nee.

Op watter vlak is dit dan gedoen? Wanneer is daar deur die formele kanale beweeg ten einde besluit te kry? -- Daar was slegs deur die formele kanale beweeg wanneer 'n projek geïdentifiseer is en dat daar dan 'n inhuis gedoen moet word of 'n aanbieding gedoen moet word.

As ek vir 'n oomblik net na 'n ander aspek kan (30) teruggaan/...

K29.1562

- 754 -

VAN ZYL

teruggaan voor ons hieraan - hoekom het u verstaan of hoekom is aan u gesê dat byvoorbeeld die Wet op Binnelandse Veiligheid en of die noodregulasies nie gevolg kon word ten einde hierdie probleme op te los nie? -- Dit is onproduktief. Die persone wat gebruik word vir terreurdade teen die regering is nie, ek sal sê in 90% van die gevalle, nie die persone wat dit inisieer nie.

Met ander woorde jou brein agter die ini-siëring van aanvalle of terreurdade teen die regering is mense wat in luukse kantore sit en ... (tussenbei) (10)

En hulle met wettige bedrywighele ophou. -- As 'n dek-mantel, ja.

So die rede dan vir die bedrywighele buitekant byvoorbeeld die noodregulasies en die wet is omdat hulle nie gearresteer kan word nie, omdat hulle oënskynlik en ten op-sigte van hulle gedrag nie gearresteer kan word nie of nie in terme van die wet gestop kan word met hulle aktiwiteite nie. Is dit wat u sê? -- Dit is korrek.

Ek sal terugkom na daardie punt toe as ons net weer kan -- so op 'n breë basis is een van die take wat u doen is om deur u onbewustelike lede inligting in te win en in daardie (20) geleenthede sal 'n persoon, sal u 'n spesifieke taak gegee word.

U gaan nie net uit en win inligting uit oor enige persoon nie of oor linkse persone nie, word 'n spesifieke persoon aan u gegee en dan gaan u en u stel vas oor daardie spesifieke persoon? -- Nee, dit word ook onder andere gegee, maar van my indirekte lede het hulle huiswerk gedoen en name van persone òf persone self geïdentifiseer òf plekke self ge-ïdentifiseer en ek het dit dan met die kanaal deurgestuur en daardie inligting word dan mee gehandel.

Met ander woorde dat deel van die funksie was dan (30) om/...

K29.1662

- 755 -

VAN ZYL

om die aktiwiteite van die linksgesinde politieke persone oor die algemeen in te win en dit dan deur te stuur ten einde te sien of daar enige moontlike projekte daaruit kan ontstaan? -- Ek sal vir u sê tot 'n baie-baie klein mate. Ons was, soos ek alreeds vantevore getuig het, by herhaling gesê het dat ons nie 'n inligtingsorganisasie is nie.

Is daar ooit, het u ooit op inligting gehandel wat byvoor-beeld nie van die organisasie af gekom het nie, maar wat inder-daad van u onbewustelike lede byvoorbeeld òf van 'n ander aspek inligting gegee is? -- Hoe bedoel u, hoe het ek (10) daarmee gehandel.

Het daar ooit 'n projek daaruit ontstaan? -- Nee, nooit nie.

Met ander woorde die projekte, sê u dan dat die projekte wat u gedoen het, het almal gekom vanaf die BSB se bestuur? -- Ja, mits - die inligting kon oorspronklike vanaf 'n onbewuste-like lid gekom het, maar daardie inligting was deurgegee aan die bestuur van die BSB bloot as inligting. Hulle gaan daardie inligting kontroleer en dan terugkom na my toe en vir my sê die inligting is korrek ons identifiseer 'n projek (20) dat dit moet gebeur.

Nou as ons byvoorbeeld net die Q-Town Youth Movement kan gebruik as 'n voorbeeld, het u inligting gekry vanaf die bestuur oor Q-Town Youth Movement of het u inligting gekry vanaf die onbewustelike lede oor Q-Town Youth Movement? -- ek het inligting gekry van 'n onbewustelike lid oor die saal te Q-Town Youth Movement wat gebruik sou word.

En is dit die eerste keer wat u van hulle gehoor het? -- Van die Q-Town Youth Movement, dit is korrek, asook van die betrokke saal. (30)

En/...

K29.1735

- 756 -

VAN ZYL

En het u daardie inligting dan uit die aard van die saak aan mnr. Verster gegee of aan mnr. Burger gegee? -- Dit is korrek.

Het hulle teruggekome na u toe oor daardie, byvoorbeeld daardie inligting? -- Dit is heeltemal reg.

En wat het hulle gesê? -- Omrede die inligting bevestig is, was 'n projek geïdentifiseer wat dan gevolg het soos wat ek in my verklaring uiteengesit het.

Daardie was u projek gewees?-- Dit is korrek.

Het u ooit gevra wat die bevestiging van daardie (10)
inligting was? -- Nee, nee.

Met ander woorde wanneer u 'n projek aanvaar het, het u nie
eers noodwendig geweet of die inligting waarop die projek gebaseer
is, noodwendig korrek is nie. U is meegedeel en u het dit aanvaar?
-- Ter goeder trou aanvaar.

Nou kan u vir ons sê, miskien moet ons beweeg na spesi-fieke
gevalle, byvoorbeeld, as ons na die apie-geval kan gaan, of liever
laat ek u so vra, laat ons begin met Swapo: Is Swapo onder andere
geïdentifiseer as 'n teiken vir die akti-witeite? -- In die breëre
sin, ja. Ek moet dit aan u (20) stel dat ... (tussenbei)
VOORSITTER: Is Swapo 'n binnelandse, binne die Republiek van
Suid-Afrika 'n teiken gewees? -- Dit is korrek.

Binne die landsgrense? -- Dit is korrek.

MNR. LUITINGH: Ja. -- Maar nie elk lid van Swapo of nie elke lid
van die ANC sou uit die aard van die saak 'n teiken wees nie of
van die UDF vir daardie geval nie. Dit is, die inlig-ting en
omstandighede betreffende persone was met baie groot versigtigheid
hanteer.

Ja. -- Dit is voldoende so. (30)

Die/...

K29.1837

- 757 -

VAN ZYL

Die apie-projek, as ons 'n oomblik daar kan - net om te sien
presies hoe dit gewerk het, dit was, was dit u projek gewees? --
Ja, dit was my projek in soverre dat ek die apie daar gaan ophang
het. Ek het nooit 'n skriftelike projek of 'n skriftelike
aanbieding gedoen nie. Ek het geensins 'n inhuis gedoen nie.

Ek het slegs 'n opdrag wat aan my gegee was deur die besturende
direkteur en daar was aan my gesê dat die fetus van 'n apie aan
my beskikbaar gestel sou word en dat hy myself sal vergesel na
Kaapstad en dat dit my opdrag is dat die apie daar opgehang moet
word.

(10)

Jammer, ek wil net oorgaan na 'n ander aspek, voor ons daarmee aangaan, die persone weat u geweet het wat lede van die BSB was, was mnr. Botha, mnr. Burger, mnr. Maree, mnr. Verster en dan Christo Brits. Was daar ander? U kan hulle skuilname gebruik? -- Ja, 'n mnr. Nienaber en dit is al wat ek verder kan onthou.

U het glad nie, is dit Wouter Nienaber? -- Nee, nie Wouter nie.

Nie Wouter nie en u het van geen ander lede ooit geweet nie? -- Nee, behalwe nou uit die aard van die saak soos (20) die voorsitter. Geen ander lede wat ek my nou huidiglik kan herinner nie.

Het u geweet of daar 'n ander sel is behalwe u sel wat in die Republiek van Suid-Afrika opgetree het? -- Nee, ek het nooit kontak gehad met enige ander sel binnelands nie of buitelands nie.

Ek het dit nie geweet nie, ek glo nie so nie omrede hulle vir ons gesê het dat ons die eerste sel was in streek 6.

U streek was die Kaap gewees. Is dit korrek? -- Dit
is/... (30)

K29.1921

- 758 -

VAN ZYL

is korrek.

Wie het die ander streke gehad? -- Mnr. Maree was in Natal, mnr. Botha in Transvaal en die streekbestuurder, die hele Suid-Afrika.

En was daar enigiemand aangestel vir Suidwes-Afrika? -- Nee, nie van ons nie. Suidwes-Afrika het sy eie streek.

Nou u sê dat ten opsigte van die apie-projek was u opdrag gegee en o, ek is jammer, ek het vergeet, wat het van die Vrystaat geword of is daar nie vyande daar nie?-- Die Vry-staat was nie spesifiek aan enigiemand opgedra nie, maar (10) ek dink u is nogal redelik reg as u sê daar is nie baie vyande nie.

VOORSITTER: Daar is nie baie nie?

MNR. LUITINGH: En wanneer u sê dat u die Kaap gehad het, het dit die Oos-Kaap ook betrek? -- Dit is korrek.

Nou wie het vir u opdrag gegee in die apie-projek? -- Die streekbestuurder. Ek het die apie-projek ook met die bestuurende direkteur bespreek.

En dit is ...? -- Mnr. Verster.

Mnr. Verster, ja en kan u vir ons vertel hoe het dit (20) gebeur, wat het gebeur daar? Dit is nou van die organisasie se - ons weet nou dat u oor die muur geklouter het en die aap-fetus in die boom gaan ophang het, maar wat was die bespreking binne die organisasie gewees? -- Niks, dit was 'n baie, alhoewel dit myns insiens 'n klein handeling was, was dit 'n baie sensitiewe geval en daar was geen bespreking gedoen oor wat die rede was vir die ophang van die fetus en dies meer nie.

Het u nie gevra hoekom moet ek dit doen nie? -- Nee, jy staan in 'n militêre milieu waar jy 'n opdrag gegee word (30)

en/...

K29.2028

- 759 -

VAN ZYL

en dit nakom.

Ja, maar wat is aan u verduidelik wat sou die doel-stellings wees wat sou daardeur verrig word? -- Die doel was nie aan my uitgespel gewees nie en u moet dit ongelukkig so aanvaar.

So u wil dan vir my sê dat u het opdragte ontvang wat u in die eerste plek, soos u netnou gesê het, soms nie geweet het wat die motivering daarvoor sou gewees het nie en soms het u opdragte ontvang wat u nie geweet het wat die oogmerke daar-van sou gewees het nie? -- Ek dink dit was beperk net tot (10) hierdie apiegeval, ja.

Maar u het geweet wat die ander oogmerke was? -- Van die ander ... (tussenbei)

Van die ander projekte?-- Ja.

Hoekom sou hierdie een dan so andersins gewees het? -- Ek

weet nie.

Omdat dit andersins sou gewees het, het u nie gedink dat u miskien navrae daarvoor behoort te doen nie, dat u nie kon vra wel, ek verstaan nie wat die oogmerk van hierdie projek is nie, sal u asseblief vir my sê wat skuil daaragter of het (20) u tog geweet of het u gedink u het geweet? -- Nee, ek het dit nie nodig geag om ondersoek in te stel wat gaan die rede wees hoekom ek die fetus daar moet ophang nie. Dit was vir my 'n baie lae risiko opdrag gewees en as gevolg daarvan het ek nie enige navrae daaromtrent gedoen nie.

Het u gedink dat dit dalk intimiderend sou wees of was dit net bloot beledigend? -- Ek sal nie sê dit was intimi-derend gewees nie, ek sal moet ... (tussenbei)

U het 'n aap se fetus in die boom gaan ophang. Is dit korrek? Was dit in 'n sak gewees? -- Ja, die fetus was (30)

binne/...

K29.2107

- 760 -

VAN ZYL

binne-in 'n konfytfles bottel en die bottel was toegedraai in 'n gaassak en dan moes dit nou so gehang geword het dat dit nie opsigtelik sommer so raakgesien moes word nie. 'n Mens moes jou nou nie dood soek om dit te kry nie, maar jy moes gesoek het om dit te kon kry. So dit was 'n tipe van 'n snaakse opdrag, maar ek het dit so aanvaar.

Met ander woorde die moontlikheid bestaan dat dit dan net daar sou wees en dat niemand eintlik dit sou agterkom nie, is dit wat u sê?

VOORSITTER: Nee, dit is nie wat hy sê nie. Hy sê dit (10) moes darem raakgesien word, maar nie te opsigtelik nie.

MNR. LUITINGH: Het u dit aan die boom gehang. Is dit korrek? -- Ja.

Met 'n tou? -- Ja, met 'n tou.

VOORSITTER: Ag regtig, regtig mnr. Luitingh, ons weet wat gebeur

het. Die detail stel ek nie in belang nie, tensy u betwis dat dit gebeur het, dan moet u dit nou betwis, maar ek stel werklik nie belang in detail nie. Ek het genoeg daar-van gehad. Dit is erg genoeg om daarna een keer te luister, maar drie keer na dieselfde ding te luister is nie nodig (20) nie.

MNR. LUITINGH: Maar ek kry nie die antwoorde wat ek wil hê nie.

VOORSITTER: Nou wat is die antwoord wat u wil hê?

MNR. LUITINGH: Wel, ek wil weet hoekom dit daar gestel is?

VOORSITTER: Hy het gesê hy weet nie. Nou as u hom nie glo nie dan sê u vir my u glo hom nie of u sê dit vir hom, maar om vas te stel dit is met 'n tou vasgemaak, gaan nie help om te weet hoekom hy dit gedoen het nie. Verstaan u dit?

MNR. LUITINGH: Wel, ek verskil met u, maar ek laat dit (30)
daar/...

K29.2163

- 761 -

VAN ZYL

daar dan mnr. die Voorsitter as u nie wil toelaat dat ek die vraag vra nie.

VOORSITTER: Ek het ook my bedenkinge oor die vraag hoekom dit daar opgehang is, maar dit help glad nie.

MNR. LUITINGH: Kan ons dan gaan mnr. Van Zyl na 'n ander aspek byvoorbeeld, kan ons kyk na die projek van die minibus, onthou u daardie geleentheid?-- Ek onthou die geval, ja.

Hoe het dit ontstaan? -- Ek het inligting van of besonderhede van ses Swapolede vanaf die koördineerder ontvang met adresse, dit moes bevestig word, die adresse was almal(10) in die Kaap, ek het die, ek het vir Peaches gevra om die besonderhede vir my te bevestig. Hy het aan my terugrapporteer dat een van die Swapolede by 'n spesifieke adres in die Ath-lone omgewing woonagtig is en dat hy 'n bussie besit wat gebruik word om vervoer te verskaf aan ANC en UDF-lede en onder-steuners, meelopers wat 'n terrorisieverhoor in Kaapstad monitor. Ek het die besonderhede op skrif gestel en dit was deurgestuurd aan die bestuur van BSB.

Ek is later in kennis gestel deur die koördineerder dat daar 'n ontwrigtingsaksie uitgevoer moet word en 'n bussie uitgebrand moes word. (20) Ek het ... (tussenbei)

Is dit uit die aard van die saak ten einde om mense te verhoed om na 'n openbare verhoor te gaan? -- Ja, dit is een van die redes.

Dit is die - ek kan nie verstaan hoe daardie aktiwiteit by u, soos u dit aan die kommissie verduidelik het, aan die voorsitter verduidelik het, hoe het daardie aktiwiteit dan as deel van die ontwrigting as't ware van die vyand by u ingepas, mense wat na 'n verhoor toe gaan? -- Hulle sou van alterna-tiewe vervoer gebruik moes maak om die verhoor by te (30) woon/...

K29.2310

- 762 -

VAN ZYL

woon. So hulle sou daardeur ontwrig word.

Maar hoe sou die bywoon van 'n verhoor enigsins 'n gevaar gewees het vir die land of vir die BSB of vir die oogmerke wat u gehad het? -- Dit sou hulle ontwrig het, dit sou vir die veroordeeldes of die aangeklaagde persone sielkundig moontlik iets beteken het as hulle getroue lojale ondersteuners nie elke dag by die hof meer kon opdaag om hulle aan te hits om sterk te staan in die verhoor nie.

Die bussie of weet u van 'n aangeleentheid waar die bus wat na die Delmas verhoor geneem is dan soortgelyk mee (10) gehandel sou geword het? --Nee.

Dat daardie bus opgeblaas sou gewees het of dat daardie bus verbrand sou gewees het? -- Nee, ek dra kennis van 'n bus wat, dit is maar wat ek daarvan gelees het in die nuusmedia van 'n bus met studente wat onderweg was om 'n verhoor by te woon te Delmas, waar die bus afgetrek was en daar was na sy wiele geskiet. Dit is in soverre my kennis strek omtrent die geval. Daar was nie in ons streek so 'n projek aangebied ge-wees nie.

Nou die, so u het inligting gekry, as ons net kan (20) terugkeer tot die bussie in die Kaap, u het inligting gekry van

die bestuur van die BSB om sekere name na te gaan. Een van daardie name het dit geblyk is 'n persoon wat mense met 'n bussie vervoer na die verhoor toe? -- Dit is korrek.

Is daardie inligting deur die streekbestuurder of deur die organisasie aan u verstrekkend? -- Nee, daardie inligting was deur Peaches aan my verstrekkend en ek het dit terugrapporteer aan die bestuur wat dan uit die aard van die saak die inligting bevestig het alvorens toestemming gegee was vir die registrering van 'n projek. (30)

Nou/...

K29.2432

- 763 -

VAN ZYL

Nou goed, wat was u oorspronklike opdrag wat om met die name te doen? -- Net in die besonderhede bevestig.

Wie die persone is ...? -- En of hy nog steeds daar woonagtig is.

En of hy by 'n spesifieke plek woonagtig is? -- Dit is korrek.

En Peaches het net met die inligting van die een persoon na u teruggekom? -- Dit is korrek.

En daar bygevoeg dat die persoon 'n bussie gebruik? -- Dit is korrek. (10)

En toe wat is die volgende stap wat u dan, u het dit verstrekkend aan die streekbestuurder? -- Die volgende stap is soos wat ek gesê het toe die koördineerder my genader het en gesê het dat daar 'n ontwrigtingsaksie beplan moet word, het hy ... (tussenbei)

Het u 'n voorstudie gedoen? -- Ja.

Wat was die voorstudie gewees? -- Ek het voorgestel dat die bussie uitgebrand moet word.

Was dit u voorstel gewees? -- Dit is korrek. Die voorstel was aanvaar. (20)

En wat was die motivering daarvan, soos u dit netnou gestel het? -- Soos wat ek dit gestel het.

Ten einde die mense te verhoed om by die verhoor uit te kom?
-- Dit is korrek.

En die beskuldigdes sielkundig te hinder. -- Te intimi-deer.

Ja en die voorstel is aanvaar? -- Dit is korrek.

Ten opsigte van byvoorbeeld daarvan is daar, u het 'n inhuis gehad? -- Ja.

En by die inhuis was die streekbestuurder? -- Die (30)

koördineerder/...

K29.2504

- 764 -

VAN ZYL

koördineerder en die besturende direkteur.

En die besturende direkteur en hulle het almal gedink dit is 'n goeie idee? -- Dit is korrek.

En hoe het dit dan toe gewerk, het u dan 'n finansiële beplanning gedoen daaromtrent? -- Dit is korrek.

Hoe het daardie finansiële beplanning gewerk? -- Byvoorbeeld in daardie aangeleentheid? Wel, al wat ek voor begroot het was 'n beloning vir die persoon wat die aksie sou, of die daad sou verrig.

Ja, hoe is die grootte van daardie beloning bepaal? (10)
-- Ag, jy kom met 'n voorstel en dan word daar maar besluit of dit 'n billike beloning is of nie.

Met inagneming van die risiko's daaraan verbonde? -- Dit is korrek en die gevolge ensovoorts.

Ja, so daar was in daardie geval, was daar die beloning.
-- Ja, dit was R1 500.

En dan geld wat sou dien as, vir die koop van 'n vlieg-tuigkaartjie vir my om Kaapstad te besoek. Dit is basies dit en verblyf.

Volgens die voorstudie wat u gedoen het, wanneer sou (20) die bussie moes uitgebrand gewees het? -- Volgens die voor-studie gee jy 'n spesifieke datum, dit kan - jy kan nie altyd by 'n spesifieke dag bly nie, dan gee jy moontlik 'n week en dan sê jy

dit sal binne hierdie week, hierdie datum en daardie datum sou dit nou plaasvind.

Ja, maar sou dit nou in die aand gedoen gewees het of sou dit by die verhoor gewees het of op pad na die verhoor toe? -- Dit sou in die aand gewees het, presies soos dit daar in die verklaring uiteengesit is.

Met ander woorde by daardie geleentheid het u seker (30)
gemaak/...

K29.2590

- 765 -

VAN ZYL

gemaak of liever was u opdragte dat die bussie uitgebrand moes gewees het sonder passasiers? -- Heeltemal reg.

'n Vliegtuigkaartjie vir u om Kaap toe te gaan is dit om met die lid te praat, die onbewustelik lid die opdrag te gee? -- Dit is reg.

Ja en wat is verder? -- Hotelverblyf, dit is al.

By so 'n projek byvoorbeeld sou u enige insentief gekry het, aansporingsbetaling? -- Nee, dit is waar ... (tussenbei)

Projekbetaling? -- Nee, dit is waarvoor daar 'n produksiebonus beskikbaar was. (10)

Dit is nou R3 000 twee maal 'n jaar? -- Dit is korrek.

Byvoorbeeld by mnr. Hardien, hy was betrokke gewees daar. Is dit korrek? -- Wat die bussie?

Ja. -- Nee.

Wie was betroke by die bussie? -- Dit was 'n kleurling gewees met die naam van Ismail.

Ismail?-- Ismail.

Het hy 'n rekening gehad waarin u die geld betaal het? -- Ek glo hy het 'n rekening gehad, maar ek het die geld persoonlik aan hom oorhandig. (20)

Het u, hoe is die bedrag ooit gekontroleer? Was dit mnr. Brits gewees wat na die finansiële sake omgesien het? -- Op daardie stadium, ja.

Nou het hy dit ooit kon kontroleer? -- Hoe bedoel u kon-troleer.

Kon seker maak dat u inderdaad vir hom die R1 500 gegee het? -- Nee, dit is, hy het op my integriteit staat gemaak, soos wat ek op hulle s'n staat gemaak het.

Met ander woorde tot 'n baie groot mate was daar nie verifiëring van die uitgawes nie of dokumentêre (30) verifiëring/...

K29.2687

- 766 -

VAN ZYL

verifiëring, behalwe nou wat u sou gesê het? -- Ja, ek meen, ek sal nou byvoorbeeld 'n dokument voltooi wat sal sê dat ek dié geld aan mnr. X oorbetaal het en ek sal dit teken en in die organisasie was daar voorsiening gemaak vir dissiplinêre verhore, sou jy aan enige onreëlmatigheid skuldig wees wat betref die besteding van fondse.

Was daar ooit so 'n dissiplinêre verhoor? -- Nie in my tyd nie, nee.

Was daar ooit 'n, daarna? Weet u van 'n ondersoek by-voorbeeld na mnr. Burger se besteding van geld? -- Nee-nee(10) ek het maar gehoor, ek het maar in die koerante gelees.

Weet u van die, ek het u miskien in die rede geval, weet u van enige, behalwe nou wat u in die koerant gelees het, van optredes teen lede wat wanbestedings gemaak het? -- Dit het net, dit was net vlugtig aan my genoem dat daar wel 'n streek-bestuurder op 'n stadium was wat geld sou geneem het ... (tussenbei)

En dit moes uit die aard van die saak mnr. Burger gewees het, want hy was die streekbestuurder? -- Nee-nee.

VOORSITTER: Nee, daar is meerdere streekbestuurders, punt(20) nommer een mnr. Luitingh, punt nommer twee, dit is baie interessant, maar die finansies van BSB val nie binne my opdrag nie, al interpreteer party mense dit so. Daarvoor is die Ouditeur-generaal tans aan die gang om te probeer uitvind wat daar

aangaan.

MNR. LUITINGH: Wil u hê ek moet nie verder op daardie ...?

VOORSITTER: Nie oor die finansies nie. Hoe die finansie-ring werk, as u net wil vra of waar die geld vandaan gekom het, het ek vrede daarmee, want met ander woorde ek moet bepaal wie het betaal vir hierdie operasies, maar ek (30)

dink/...

K29.2780

- 767 -

VAN ZYL

dink dit staan vas op die oomblik.

MNR. LUITINGH: Kan ek ten opsigte net van die verifiëring enkele vrae vra.

VOORSITTER: Wel, as u voel dit het iets met my te doen, maar ek twyfel. Ek kan nie sien waar dit my gaan help nie.

MNR. LUITINGH: So daar was nie dokumentêre verifiëring vir die geld wat u spandeer het nie? -- Daar was.

VOORSITTER: Het u 'n persoonlike kwitansie gegee en daardie persoonlike kwitansie het na mnr. Burger toe gegaan en hy het 'n persoonlike kwitansie gegee vir wat hy gekry het. -- (10) Dit is korrek.

MNR. LUITINGH: Dit is 'n stelling dat u met geld betaal het? -- Uit die aard van die saak.

Het die streekbestuurder byvoorbeeld geweet wie Peaches en Gakkie was? -- Nie in al die omstandighede nie. Hy het by-voorbeeld geweet wie Peaches was, maar nie wie Gakkie is nie.

Ja, so hy - ja goed. Baie van hierdie bedrae is in kontant betaal. Is dit korrek?-- Alles was in kontant betaal.

Alles in kontant. Waar het die geld vandaan gekom? -- Ek weet nie. Ek het die geld altyd ontvang vanaf die (20) koördineerder of vanaf die streekbestuurder, partykeer van die ander lede van my in die sel, wat hulle dan weer op hulle beurt van die koördineerder gekry het. Waar dit vandaan gekom het, van die weermag af. Waar van die weermag, weet ek nie.

Waar, het die BSB 'n rekening gehad waar hulle geld by-voorbeeld inbetaal was en dat daar geld getrek is uit daardie rekening in kontant of het dit van die Reserwe Bank af gekom?

-- Ek kan nie sê nie.

Kan ons, net ten opsigte van die minibus en die afsluiting met betrekking tot daardie projek, u het opdrag(30)

gegee/...

K29.2876

- 768 -

VAN ZYL

gegee en die geld voor die tyd aan Ismail betaal of nadat hy dit ...? -- Na die voorval.

Nadat hy vir u gesê het. Watse reëlings sou u dan getref het met betrekking tot die verifiëring van projekte waar u byvoorbeeld self nie betrokke was nie? -- Ek verstaan nie u vraag nie?

Hoe sou u vasgestel het of hy ooit die werk gedoen het? -- Wel, ek het, weer eens, dit was telkens aan ons gestel dat ongelukkig in hierdie werk waar jy van indirekte lede gebruik maak, sê hulle baie keer dat 'n opdrag nagekom was(10) waar dit inderdaad nie gedoen was nie. Daar was geen spesi-fieke voorskrif van hoe jy moes uitvind of die projek wel af-gehandel was soos voorgelê of soos goedgekeur nie. Ek het maar staatgemaak op wat aan my teruggerapporteer word en in dié betrokke geval van Ismail het ek dit, omrede dit die eerste projek was waar ek hom gebruik het, wou ek dit graag bevestig, want ek wou nie vir hom R1 500 gegee het as hy dit nie verdien het nie en ek het dit bevestig met Peaches en as gevolg daarvan het ek vir Ismail betaal.

Het u bedenkinge gehad oor die mense wat u gekry het,(20) dit is nou Ismail, Gakkie, asook Peaches en hulle bruikbaarheid in die Wes-Kaap op 'n stadion?-- Wel, ek het bedenkinge gehad oor Ismail ja, dit is hoekom ek hom nooit weer gebruik het nie. Ek het nie geweet dat hy nooit die bussie gebrand het nie.

Het u dit nooit uitgevind nie? -- Ek het dit maar nou uitgevind

tydens my aanhouding.

Ja, hoe het u dit uitgevind?-- Ek het verneem van een van die ondersoekbeampes dat Peaches dit na bewering sou gesê het.

So ... (tussenbei) (30)

Kan/...

K29.2985

- 769 -

VAN ZYL

Kan ek net uitvind, was dit luitenant-kolonel Van Coller?

-- Eager.

Eager wat vir u gesê het. Met ander woorde u was dan, toe u in aanhouding was, is u toe dan meegedeel wat hierdie ander persone sê oor u? -- Nie in detail nie, maar daar was sekere mededelings aan my gemaak, ja.

Goed, ja. -- Ten opsigte van Peaches het ek ook begin twyfel in sy geloofwaardigheid. Ten opsigte van Gakkie, nee, ek het stellig vir hom baie respek.

Is dit die rede waarom u dan self besluit het om (10) betrokke te raak by die Athlone-bomgeval ten einde seker te maak? -- Nee, wel in 'n mate, ja. Isgak se betrokkenheid by die Athlone bomgeval, soos ek in my verklaring uiteengesit het, dit was ook sy eerste uitvoering van 'n projek, ek het dit as 'n baie sensitiewe geval beskou en my redes vir my direkte betrokkenheid was omdat ek bang was dat hy die bom op 'n plek of op 'n tyd van sy keuse kon laat afgaan het.

Van sy keuse? -- Dit is korrek.

Met ander woorde dat hy u opdragte miskien sou veronag-saam?

-- Dit is heeltemal reg. (20)

Nou, kan ons net oor daardie aspek, kan ek u 'n paar vrae vra oor daardie aspek. Hoe het die Athlone bomgeval 'n projek geword? -- Ek het besonderhede omtrent die saal asook die persone wat die geheime vergaderings bywoon ontvang vanaf Isgak Hardien.

Ek het dit op skrif gestel ... (tussenbei)

U het inligting ontvang, ek is jammer? -- Ja.

VOORSITTER: Oor Isgak? -- Ja, ek het dit op skrif gestel en deurgestuurd na die bestuur.

MNR. LUITINGH: Wat was die inligting wat u van Isgak gekry het?

-- Ek het name van persone wat UDF-lede is, maar wat (30)

uit/...

K29.3134

- 770 -

VAN ZYL

uit die aard van die saak, omrede hulle 'n verbode organisasie en 'n beperkte organisasie op daardie stadium, het hulle daad verrig en was hulle deel van die beplanning van terreurdade in die Kaap.

Wie was daardie persone? -- Name wat ek kan onthou is, u sal my net so 'n paar sekondes moet gee ...(tussenbei)

Mr Chairman, maybe if it is a convenient time we can ...
(intervenies)

CHAIRMAN: Are those names of the persons, members of the UDF you are looking for? (10)

MR LUITINGH: Yes.

CHAIRMAN: Mr Nugent, could I see you and your attorney for a moment?

KOMMISSIE VERDAAG VIR ETE.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.